VOLUME 208 10895 - 10964

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I2.7 Vol 208p 10895 - 10964

SAAKNOMMER: CC 482/85 | DELMAS

1987-04-28

DIE STAAT teen: | PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: | SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST E
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: | ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: | ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: | MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: | (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: | AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: | LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 208

(Bladsye 10 895 - 10 964)

HOF HERVAT OP 28 APRIL 1987.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : U Edele, die enigste beskuldigde wat afwesig is is beskuldigde nr. 10 nog. Ons probeer nog vasstel wanneer hy sal terug wees.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Malindi, u sê u was lid van die aksiekomitee wat die Vaal Civic Association gestig het? -- Ek was een van die persone wat deelgeneem het aan die voorbereiding vir die stigting van die Vaal Civic Association wat hulle self dan die Vaal Action Komitee genoem het. Dit was om en by Septembermaand.

Gee vir ons die name van die lede van hierdie komitee? -- Esau, Dorcas Raditsela, Edith Lethlake, Simon Vilakazi.

Is dit 'n beskuldigde? -- Die gewese beskuldigde nr. 18, Mike Kgaka, Tshipa Motubatsi.

HOF : Het die Tshipa 'n ander naam ook? Is hy Edward? -- Ja, dit is so. Johnny Motete, Bonani en Zakhe Mafa, Thabiso, beskuldigde nr. 22, Zacharias Mahlatsi, Oupa ek weet nie wat sy van is nie, Lazi ek weet ook nie wat sy van is nie. Thembekile Sahluko en nog andere wat nie gereeld bywoning gemaak het nie. Dus sal ek nie weet wat hulle name is nie.

MNR. JACOBS : Is dit korrek dat jy en Esau en Edith het gegaan na Johannesburg na die SCA voor die stigting van die VCA? -- Nee.

Het julle nie daarheen gegaan om Curtis Nkondo en daardie mense te gaan spreek en dr. Motlana nie? -- Nee.

Jy het vertel dat julle het op 'n sekere vergadering van die aksiekomitee resolusies bespreek? -- Ja, dit is so.

Waar was hierdie vergadering gehou? -- Ek is nie seker van die plek van die vergadering nie, maar dit was by die

laaste/...

laaste vergadering voor 9 Oktober 1983. Dit wil sê wat ek kan onthou is, daar is van die vergaderings wat by Mike Kgaka se woning gehou was en van die vergaderings was by Esau se woning gehou in daardie tydperk.

Het julle gewoonlik Woensdagaande by Esau se huis vergader? -- Ja. Partykeer as Mike ingestem het, het ons ook na sy huis toe gegaan op Woensdagaande.

Van die aksiekomitee, wie was nou die leiersgroep, die mense wat die leiding veral geneem het? -- Ek kan net persone se name noem wat ek beskou het as persone wat die vergaderings gereeld bygewoon het, maar ons het nie spesifieke posisies gehad wat ons beklee het daar nie.

Maar wie was die leier van die groep nou? Wat die leiding op hom of haar geneem het om hierdie vergaderings te hou en aan die gang te kry en verder te voer? -- Daar was nie ŉ leier gewees nie. Ons was almal gelyk.

HOF : Wie was die voorbokke? -- Hulle sal ek beskou as die mense wat ek al vroeër gesê het is mense wat vergaderings gereeld bygewoon het wat ek in hierdie volgorde sal kan noem. Ekself, Esau en Dorcas Raditsela, Edith Lethlake, Mike Kgaka, Zakhe en Bonani Mafa, Johnny Motete, Thabiso Ratsomo en Simon, die gewese beskuldigde nr. 18. Dit is die name van die persone wat gereeld vergaderings omtrent altyd bygewoon het.

MNR. JACOBS : Wie is die persoon of persone wat gereeld voorgesit het by hierdie vergaderings? -- Ek was ŉ voorsitter gewees op meer as een geleentheid by hierdie vergaderings van ons en Johnny Motete het ook maar verskeie kere as voorsitter opgetree. Partykeer was Dorcas die voorsitter.

Nog? -- Ons het die meeste as voorsitters opgetree

by/...

by ons vergaderings.

Is daar enige rede hoekom die vergaderings Woensdae by Esau se huis gehou was? -- Dit was in die middel van Septembermaand of gedurende Septembermaand toe ons nou besef het dat ons nie eintlik in staat gaan wees om te "launch" op 24 September nie en het ons toe dus besluit dat ons gereeld op Woensdae in die aand ontmoet. Op die besluit van ons, 'n persoon wat nie probleme gehad het om ons te huisves vir hierdie vergadering nie, was Esau. Dit is die rede dat ons by sy huis op Woensdae in die aand vergader het.

Het julle saans daarso na die radio geluister terwyl julle vergadering gehad het? Hier by 20h00 gestop en na die radio geluister? Spesifiek na Radio Freedom? -- Nee, ons het nog nooit geluister na Radio Freedom nie.

Wie het die finansies van julle groep, hierdie aksiekomitee behartig? -- Dorcas.

En waar het julle fondse vandaan gekry? -- Ons het elke keer waar ons vergader het sekere gelde uitgehaal vir die beurs sodat ons 'n bedrag geld kan hê vir ingeval ons geld nodig het, dat ons van daardie geld kan gebruik.

Hoeveel geld het julle uitgehaal elke keer? -- Dit het afgehang van die persoon wat die geld uithaal hoe voel hy, hoeveel geld wil hy gee. Die meerderheid het R1,00 gegee. Daar was natuurlik ander persone wat 50c bygedra het.

Het jy gereeld R1,00 gegee? -- Dit het partykeer gebeur dat ek daar 'n klomp 1c-stukke uitgehaal het wat miskien 60c sou gemaak het of meer. Partykeer het ek nie eers getel hoeveel die sentstukke in totaal is wat ek daar bygedra het nie. Dit beteken dus dat ek nie presies weet hoeveel ek altyd bygedra het by hierdie vergaderings van ons nie.

Wie/...

Wie het julle notules geneem en notas geneem, die skryfwerk gedoen by die vergaderings? -- Ek en Edith. Partykeer Thabiso, beskuldigde nr. 22.

Op die vergadering toe julle die resolusies geneem het, wie het voorgesit? -- Ek kan nie onthou nie.

Wie het die skryfwerk gedoen? -- Ek onthou nie wie die skryfwerk gedoen het nie. Dit kan wees dat Edith die persoon is wat dit gedoen het.

Die resolusies wat julle nou daar op die aksiekomitee besluit het, het julle dit behoorlik bespreek daar? -- Ja, ons het die voorstelle wat ons gemaak het bespreek.

Was die resolusies behoorlik geformuleer daar? -- Ons het dit neergeskryf eers as voorstelle in die vergadering. Dit wat ons neergeskryf het, was voorstelle wat ons sou voorgestel het by die vergadering van die stigting. Ek is nie op hierdie huidige oomblik in staat om vir u die bewoordinge presies te kan gee wat gebruik is ten opsigte van ieder en elk van hierdie voorstelle nie.

Maar die feit is, dit was alles neergeskryf op een papier, die een onder die ander een? -- Dit is so.

Hoeveel was dit gewees? -- Ses.

Het julle een persoon afgevaardig om dit te gaan voorstel en uit te lees op die stigtingsvergadering van VCA? -- Nee, ons het besluit dat dit aan die voorsitter van die vergadering oorhandig sal word.

En sou hy dit uitlees? -- Al wat ek onthou is dat ons ooreengekom het dat dit aan hom oorhandig gaan word. Ek kan nie meer onthou of ons ooreengekom het dat hy, die voorsitter, dit vir ons gaan lees nie.

Hulle moes tog bekend gemaak word aan die vergadering,

is dit nie? -- Dit is so.

HOF : Was dit ŉ staande praktyk destyds dat daar voorstelle gevra word op vergaderings en dat dit dan skriftelik ingedien word? -- Sover as wat my kennis strek, was dit die eerste groep wat saam met my gewerk het, dit wil sê die aksiekomitee waar hierdie voorstelle voor die tyd voorberei was om ingehandig te word by ŉ vergadering aan ŉ voorsitter, maar met die ondervinding van die lees van koerantverslae, weet ek dat daar baie organisasies is wat vroegtydig voorbereidings doen vir die resolusies wat bespreek gaan word by ŉ volgende vergadering waar daar versoeke gerig word aan die lede om dit te oorweeg.

Eintlik is u en ek nie op dieselfde golflengte op die oomblik nie. Ek wil weet destyds was dit bestaande praktyk dat ŉ voorsitter by ŉ vergadering vra "Ons gaan netnou resolusies bespreek, skryf dit intussen op papier en handig dit in"? -- Ja, dit was die praktyk by die vergaderings wat ek van geweet het.

In elk geval, as die lys van resolusies aan die voorsitter gegee is, sou dit vanself later deur hom uitgelees word saam met enige ander resolusies wat ingehandig word? -- Dit is so.

MNR. JACOBS : Jy sien, die getuienis wat ons het van beskuldigde nr. 10 is dat daar was hoegenaamd geen resolusies uitgelees van die aksiekomitee nie?

MR BIZOS : Speaking from memory, I do not think that the prosecutor is quoting the evidence correctly. My recollection is that a number of resolusies were handed up and he could not say which were from who. I know that a lot of time was spent in cross-examination with accused no. 10, but that

is/...

is my recollection.

HOF : Ek is glad nie seker nie. Kan u die bewysplek uithaal, asseblief.

MNR. JACOBS : Ek was van plan om dit te lees voor mnr. Bizos my weer in die rede geval het.

MR BIZOS : I have been proved correct most of the time up to now.

HOF : Mnr. Jacobs, dit is ongevraag om kommentaar te lewer. As mnr. Bizos ꞌn beswaar het, is hy geregtig om die beswaar te maak en u kan nie net eenvoudig uit die staanspoor aanneem dat hy die beswaar maak net omdat hy lus is om beswaar te maak nie.

MNR. JACOBS : Ek wil vir jou lees uit Volume 159 bladsy 7 792. Ek sal vir jou lees wat hier gestel was "Was there any indication at the meeting as to whether or not there are resolutions which the people that had called the meeting had prepared or not? Were there any prepared resolutions as far as you could see? - No, the resolutions that I heard were those that were read from the pieces of paper." Dan verder op dieselfde bladsy - ek sal nou-nou na hierdie ding toe terugkom, ek wil dit net vir tydsparing nou aan jou stel "Do you recall what the first resolution was? - The first resolution was the formation of an organisation. The name that was proposed there was the Vaal Civic Association." "Do you remember who proposed it? - It was a note from Miss Edith Lethlake." Het jy enige kommentaar oor die eerste deel dat geen resolusies ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is daar nie teenstrydige getuienis op 27 Januarie gelewer nie? Hierdie is 22 Januarie. Ek is nie seker nie. Voordat u nou ꞌn baie lang kruisondervraging aan hierdie

passasie/...

passasie vasknoop. In elk geval, u kan dit maar stel dat dit so gesê is en dan kan die getuie kommentaar lewer en dan kan ons aangaan.

MNR. JACOBS : Wil u kommentaar lewer op wat hier gesê is deur hierdie getuie wat ek nou aan jou uitgelees het? -- Die aksiekomitee het voorbereidings gemaak van voorstelle vir hierdie vergadering vir die stigting van die komitee.

Is dit jou kommentaar op wat beskuldigde nr. 10 gesê het hier, op hierdie gedeelte? -- My kommentaar is, indien beskuldigde nr. 10 sê daar was geen voorstelle gewees wat voorberei was nie, sê ek ons het voorbereidings gemaak.

So, u stem dan saam, hierdie stelling van beskuldigde nr. 10 is dan eintlik nie heeltemal korrek nie? -- Ek weet nie hoe beskuldigde nr. 10 die voorstelle verstaan het toe hulle uitgelees was by hierdie stigtingsvergadering nie. Of hy nou verstaan het presies van wie af hierdie voorstel oorspronklik gekom het en of hy net verstaan het dat daar voorstelle was. Ek kan nie sê nie.

Hy het spesifiek genoem die stukkies papier, al die voorstelle het gekom op stukkies papier van die vloer af?

MR BIZOS : My Lord, I think Your Lordship referred to - was thinking of page 8 021 which does not bear out read as a whole what has been put to the witness. -- Ek weet nie of ek geregtig is om kommentaar te lewer op die manier wat ek nou kommentaar gaan lewer nie.

MNR. JACOBS : Dan wil ek net vir jou vra, dit was gestel aan die getuie IC.8 dat die voorstel dat VCA gestig word, het van mej. Edith Lethlake van die vloer af gekom. Ek verwys na Volume 20 bladsy 902. Ek wil vir jou voorlees "Because you see, that as soon as the speakers had finished, Edith

Lethlake/...

Lethlake from the floor proposed the formation of the civic association for the Vaal and she made a speech to the effect that it had become clear from the numerous speakers' speeches that there was a need for a civic association and that the meeting should agree to form what she called a fully fletched civic body. Do you recall that happening?" -- Ek stem nie daarmee saam dat Edith wel so gesê het vanaf die vloer nie. Dit is wat sy gedoen het. Sy het dit gedoen terwyl daar alreeds ꞌn voorstel was wat deur ons in die vergadering gemaak is. Hoekom sy dit gedoen het en dit daar herhaal het, weet ek nie.

HOF : Bedoel u nou dat Edith Lethlake voordat die voorstelle uitgelees is, skriftelike voorstelle, mondeling ꞌn voorstel tot hierdie effek van die vloer af gemaak het? -- Wat ek eintlik duidelik wou gemaak het is dat ekself nie teenwoordig was by hierdie vergadering nie en dit word aan my gestel dat dit aan IC.8 so gestel was dat Edith so opgetree het. My antwoord is dan, indien Edith so opgetree het, weet ek nie hoekom sy dit gedoen het nie, want daar was alreeds ꞌn voorstel gemaak in voorbereiding van ons resolusies wat ingehandig was.

MNR. JACOBS : Op die aksiekomiteevergadering het julle die affiliasie met UDF daar bespreek? -- Ja, dit is so.

Wie het dit te berde gebring? -- Ek onthou nie.

Wat het die persoon voorgestel wat die affiliasie met UDF te berde gebring het? -- Dit is na ons na ons alreeds genader was deur UDF se mense waar hulle ꞌn versoek gerig het aan die aksiekomitee om by UDF te affilieer. Wat ons dan bespreek het by hierdie vergadering van ons was, sal ons geregtig wees om ꞌn voorstel te maak dat die civic by UDF

moet/...

moet affilieer. Wat ons eintlik daar breedvoerig bespreek het is of ons geregtig was, of ons in staat kan wees om daardie voorstel te maak vir die vergadering van die 9de met betrekking tot die civic se affiliasie met UDF.

Julle het dit nou bespreek. Wat het julle besluit? -- Ons het besluit dat dit nie vir ons was om dit te doen nie.

Om dit voor te stel nie? -- Ons het besluit dat ons dit gaan oorlaat vir die mense op die vergadering van die 9de om daaroor te besluit of die mense wat dan by die civic sal dien later sal besluit oor daardie geval.

HOF : Met ander woorde, u sou nie 'n voorstel maak op die vergadering dat daar geaffilieer word met die UDF nie? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Het julle 'n besluit geneem dat dit so oorgedra word aan die vergadering? -- Nee, ons het die besluit geneem dat ons net gaan stilbly oor hierdie ding, ons gaan nie daarvan praat nie.

Kan jy vir ons die rede gee hoekom julle op daardie stadium besluit het om nie te affilieer nie?

HOF : Daar is nie besluit om nie te affilieer nie. Daar is besluit om dit nie voor te stel nie.

MNR. JACOBS : Nie voor te stel nie? -- Wat ons in gedagte gehad het, was dat die civic sal nog nuut wees en dit sal nodig besig wees om homself op te bou. Deur onmiddellik te affilieer sou dit beteken dat hulle hulleself in meer dinge betrokke laat raak dat hulle nie in staat kan wees om die civic verder op te bou nie.

Waarin sou hulle betrokke geraak het deur dinge? -- Hoekom ek so sê is omdat ek alreeds daarvan bewus was dat indien die civic nou gestig word, sal die civic dan saam

moet/...

moet werk. Dit beteken dus dat indien daar ŉ kampanje uitgevoer moet word, sou dit bedoel gewees het vir al die geaffilieerdes om deel te neem aan die kampanje wat uitgevoer moet word. Ek het dan die gevoel gehad dat dit te veel werk gaan wees vir ŉ nuwe gestigte organisasie om nog by so ŉ werk by te dra.

Wie se kampanjes verwys jy na wat dan uitgevoer moet word, wat die geaffilieerdes moet uitvoer? -- Kyk, UDF was gestig met die oog daarop om die Koornhof bills te opponeer. Dit beteken dus dat die geaffilieerdes van die UDF het aangesluit by UDF met die oog daarop om saam te werk met die UDF met die uitvoering van die opposisie teenoor wat UDF nie aanvaar nie. Dit is die kampanje wat ek van praat.

So, die hele aksiekomitee het besef, as julle aansluit by UDF en affilieer met UDF, dan moet hulle UDF se kampanjes uitvoer? -- Die aksiekomitee, toe hulle versoek was om te affilieer het besluit om nie te affilieer nie, want dié het besef dat dit nie vir ŉ lang tyd gaan bestaan nie. Dus het hulle nie aanvaar dat hulle kan affilieer nie.

Maar jy antwoord nie my vraag nie. My vraag is heel-temal anders. Ek vra vir jou, die aksiekomitee het besef op daardie stadium toe hulle hierdie bespreking gevoer het dat as ŉ mens by UDF affilieer, dan werk jy saam met UDF en jy moet hulle kampanjes uitvoer? -- Dit is die kennis wat ek gehad het en verder dat as ŉ organisasie wat geaffilieer is voel dat hy nie in staat is om ŉ kampanje uit te voer nie, word hy nie gedwing nie, maar gelos, dat daardie geaffilieerde nie die kampanje kan uitvoer nie.

Goed, dit was jou gevoel, maar die hele aksiekomitee het daardie gevoel gehad, want dit was hulle motivering

gewees/...

gewees, waarom het hulle nie gaan voorstel dat hulle affilieer by UDF nie, maar dit aan die nuwe civic sal oorlaat. Dit is wat jy netnou gesê het? -- Die meerderheid van ons daar in die aksiekomitee was daarvan bewus dat indien ŉ persoon geaffilieer het by UDF, dan moet daardie bydra by die kampanjes van die UDF wat uitgevoer moet word. Ons was ook hiervan bewus dat indien ŉ organisasie nie in staat is om ŉ kampanje uit te voer nie, is dit nie verplig om voort te gaan met die uitvoering daarvan nie.

Kan jy vir die Hof sê waar het julle hierdie kennis opgedoen? -- Ons het die kennis opgedoen deur die lees van koerante en om te hoor van ŉ UDF lid op 18 September en om toesprake of gesprekke te voer met twee lede van UDF se organisasies op 24 September 1983.

Watter lid het op 18 September se vergadering vir julle hierdie kennis oorgedra? -- Popo, beskuldigde nr. 19.

Was dit in die algemene vergadering wat daar in die Vaal gehou was wat hy dit bespreek het? -- Ja, dit is so.

Het hy daarso verduidelik dat as ŉ mens affilieer by UDF dan moet ŉ mens ook hulle kampanjes uitvoer as dit moontlik is? -- Ja, dit is so.

Het hy daar die proklamasie van UDF aan julle verduidelik?

HOF : Deklarasie.

MNR. JACOBS : Deklarasie, ekskuus. -- Ja, dit was aan ons voorgelees.

En verduidelik? -- Ja, dit was verduidelik.

Wat het hy vir julle verduidelik omtrent die deklarasie? -- Wat hy verduidelik het is dat die ŉ deklarasie is van organisasies wat bymekaar gekom het wat nie apartheid aanvaar nie en die organisasies wat sê dat hulle nie die nuwe

konstitusie/...

konstitusie aanvaar nie asook die nuwe Koornhof wette wat hulle nie aanvaar nie. Hy het toe verder gesê dat die "new deal" sal nie die meerderheid van die mense in Suid-Afrika behulpsaam wees nie, veral die Swartmense. Ons sal verder maar voortgaan om te sukkel met die wet van die apartheid.

Het hy dit verduidelik dat voordat 'n organisasie kan affilieer dan moet hy ook die deklarasie van UDF aanvaar? -- Ek kan nie so goed onthou of hy dit gesê het nie, maar wat ek wel kan sê is dat hy het gesê die deklarasie is eintlik die breë ooreenkoms van organisasies waaronder hulle ooreengekom het in Kaapstad.

En enige nuwe organisasie moet dit aanvaar? -- Ja, hy het so gesê.

En dit alles gaan daarom om te opponeer die nuwe grondwet en die Koornhof wette? -- Ja, dit is so.

Wat is die Koornhof wette? -- Koornhof bills was die Black local authorities, ordinary movement and settlement of Black persons bill. Community Development bill.

Is hierdie selfde dinge weer aan julle verduidelik op die 24ste toe die twee persone van UDF julle spesifiek kom sien het? -- Ja, dit is so.

Dit was Vali en wie gewees? -- En Msebenzi Bokala.

Weet jy watter amp Vali beklee het op daardie stadium? -- Hy was die sekretaris van UDF Transvaal.

En die ander persoon? -- Nee, ek weet nie.

Het hulle vir julle beskikbaar gestel enige deklarasies van UDF? -- Ja, as ek nog reg onthou, twee van hulle was beskikbaar.

Het julle daardie deklarasies beskikbaar gehad op julle vergadering toe julle nou hierdie besluit of julle moet

affilieer/...

affilieer bespreek het? -- Nee, ons het dit nie by ons gehad nie.

Nie op die vergadering nie ? -- Ja.

Ek wil nou na 'n ander punt toe gaan. Dit is die ERPA vergadering op 26 Augustus.

HOF : U spring nou rond tussen 1983 en 1984 wil dit voorkom. U moet darem maar die jaartal daar by noem.

MNR. JACOBS : Dit is 'n rondspringery. Ek gaan 'n paar aspekte behandel en dan sal ek terugkom hiernatoe.

HOF : Ek gee nie om dat u rondspring nie, maar u moet net asseblief u datums reg hou. Iemand wat hierdie rekord lees moet darem weet wat aangaan.

MNR. JACOBS : Op die vergadering van ERPA op 26 Augustus 1984 die oggendvergadering, het Edith Lethlake 'n toespraak gelewer op daardie vergadering? -- Ek onthou nie.

Kan jy dit glad nie onthou nie? -- Nie eers 'n bietjie nie. Ek kan nie onthou nie.

Kan jy onthou of sy op daardie vergadering was? -- Ek kan wel onthou dat sy daar opgedaag het.

Op watter stadium? -- Op die einde van die vergadering. Ek kan nie spesifiek onthou waarmee die vergadering besig was nie.

Was sy alleen? -- Sy was in die geselskap van Esau Raditsela en beskuldigde nr. 17, Matlolo.

Beskuldigde nr. 17, het hy gepraat? -- Ja, hy het gepraat.

Waaroor het hy gepraat op die vergadering? -- Oor die "million signature campaign".

Is dit al waarvan hy gepraat het, van die "million signature campaign?" -- Ja, dit is so.

Wat het hy gesê daaromtrent? -- Ek onthou nie presies

wat/...

wat hy gesê het nie, behalwe dat ek kan sê dat hy en Esau het verduidelik wat die "million signature campaign" was.

*Het hy enigsins verwys na raadslede of van die Gemeenskapsraad of van die Community Council?*

HOF : Dit is beskuldigde nr. 17?

MNR. JACOBS : Beskuldigde nr. 17. -- Nee, hy het nie.

As beskuldigde nr. 6 sê dat hy dit wel gedoen het, is sy getuienis reg? Volume 187 bladsy 9 710. -- Ek sê hy het nie daarvan gepraat nie.

Ek wil net vir jou dan lees wat die getuienis is. Dit is ꞌn vraag van die Hof "Yes? - Edith also made a speech after Esau. In her address she was mentioning VOW. She also did not have much to say except encouraging women to join VOW which is an organisation. Accused no. 17 also made a speech. He also encouraged inhabitants of Evaton to stand strong against the Evaton Town Council. They must not allow it, the council, to take their land and give it into the hands of Administration Board. At that time we were also hurrying now to close our meeting. Then I asked the audience there to sing the national anthem." Het jy enige kommentaar hierop? -- Nee, hy maak ꞌn fout. Beskuldigde nr. 17 het nie so gepraat nie.

Is dit nie jy wat die fout maak nie? -- Nee.

Daar was nog ander getuienis ook dat hy wel oor raadslede gepraat het, van die Staat se kant? -- Hulle maak ꞌn fout.

Het jy mnr. Mokoena geken voor 26 Augustus 1984? Dit is beskuldigde nr. 6? -- Ek het hom geken alhoewel ek nie vantevore, dit wil sê voor dit, enigiets te doene gehad het met hom nie.

Toe/...

Toe jy by daardie vergadering arriveer het, die oggend-vergadering van 26 Augustus 1984, wat het jy gedoen toe jy daar aangekom het? -- Ek is na die verhoog toe waar ek sitplek gaan inneem het.

Ja en toe? -- Terwyl ek daar sit, het mnr. Mokoena my versoek om hom hulp te verleen met dit waarmee hy besig was om te doen.

Het jy jou nie gaan voorstel daar aan hom toe jy daar gekom het nie? -- Nee, wat gebeur het is, toe hy my versoek het om die boek te lees wat hy vroeër gelees het, voor hy my dit gevra het, het hy my gevra of ek nou die persoon is wat deur Esau na hierdie vergadering toe gestuur is, waarop ek bevestigend geantwoord het na aanleiding waarvan hy my toe versoek het dat ek hom help met die lees van daardie boek.

Jy sien, beskuldigde nr. 6 het aanvanklik gesê dat jy jou gaan voorstel het aan hom. Is dit nie so nie? -- Toe hy my gevra het of ek die persoon is wat deur Esau na die vergadering toe gestuur was, het ek bevestigend geantwoord. Op daardie manier het hy my dus identifiseer.

Het jy ook vir hom gesê wie jy is toe jy bevestigend antwoord? -- Ek kan nie onthou dat ek my naam aan hom genoem het nie.

Volume 191 bladsy 9 898. Daar is die vraag aan hom gestel "Toe hy na jou as voorsitter van hierdie vergadering kom, het u geweet hy gaan die spreker wees voor die tyd?" En dan kom die antwoord dit wat jy gedoen het "Hy het homself voorgestel en die volgende gesê dat hy van Esau verneem het dat ons 'n jeug nodig het om 'n toespraak te lewer by hierdie vergadering."-- Ek sê by hierdie vergadering het ons

mekaar/...

mekaar leer ken op die manier wat ek nou net verduidelik het.

Op dieselfde bladsy onder af, die vierde lyntjie sal ek vir jou lees "Ek het dus die dokumente aan hom oorhandig dat hy my moet help om voort te gaan met betrekking tot die verduideliking van hierdie dokumente aan die gehoor. Dit is voor ek geweet het wie hy is. Na ons dit klaar voltooi het, dit wil sê die verduideliking aan die gehoor, het hy, beskuldigde nr. 5, hom eers aan my voorgestel wie hy is." -- Onmiddellik toe hy my daar versoek het om die boek te lees, het ons mekaar leer ken.

In jou toespraak het jy enige beloftes gemaak aan die gehoor oor hulpverlening aan die mense van Evaton? -- Ek het gesê, ons, die jeugpersone, is bereid om hulp te verleen aan die gemeenskap se aangeleenthede te enige tyd.

Wat se hulp het jy aangebied om die gemeenskap te help? -- Ek het dit nie verduidelik nie.

Verduidelik nou vir ons wat se hulp? -- Die hulp wat ek na verwys het was dat indien daar enigiets is wat aan die gang is in beheer van die gemeenskap se organisasie, dat ons as jeug bereid sou wees om hulle te help in die sin dat daar miskien pamflette versprei moet word. Dit sou ons vir hulle gedoen het. Die hou van plakkate, byvoorbeeld waar hulle dit nodig het.By enige plek is ons in staat om hulp te verleen om dit uit te voer.

So, volgens jou stelling was die hele jeug dan bereid om hulle te assosieer met enige strydvoering wat hulle voer? -- Ja, dit is so.

Namens watter jeuggroep het jy hierdie belofte gedoen? -- Ek het op daardie huidige stadium nie namens ȟ bestaande jeugorganisasie gepraat nie. Ek het in my gedagte gehad

dat/...

dat ons moontlik ŉ jeugorganisasie gaan stig.

Maar hoe kan jy dan ŉ belofte namens die jeug doen as jy nie ŉ mandaat het om so iets te kon doen of iemand verteenwoordig nie? -- Die jeugorganisasie wat ek in my gedagte gehad het, was die jeugorganisasie wat hulp sou verleen het in die gemeenskapsorganisasies.

Maar jy kon nie geweet het of daardie organisasie gestig gaan word nie en jy kon nie geweet het of daardie organisasie sou gehelp het nie? Hoe kon jy so iets gaan sê het? -- Ons was besig om te werk vir die stigting van so ŉ organisasie. Dit is regtig waar dat hulle nie alles sou aanvaar het wat ek voorgestel het nie. Dit is nou die jeug wat gestig sou word. Maar wat ek in gedagte gehad het, is dit wat ek nou net vir u genoem het, soos ek dit nou noem.

So, met ander woorde, jy het daardie mense eintlik onder ŉ wanindruk gebring? -- As u nou hier wil voorstel dat ek die mense mislei het, dan is dit nie die waarheid nie.

Jy het nou net gesê dat die jeug sou miskien nie met alles inval wat jy gesê het, met al die hulp nie? -- Ja, hulle het die reg om nie alles te aanvaar wat ek voorstel nie. Met ander woorde, dit beteken nie dat ek nou die ander mense mislei nie.

Het jy vir die mense gesê daar is nie ŉ jeugorganisasie wat jy verteenwoordig nie, maar jy praat net sommer so indien dit sou gebeur? -- Nee, ek het dit nie gesê nie.

Is die feit nie dat daar was ŉ organisasie wat jy verteenwoordig het, daar was ŉ Youth League toe jy hier gepraat het nie? -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

Is dit nie so dat jy die mense onder die indruk gebring het dat as hulle optree, dan is daar mense agter hulle wat

hulle/...

hulle ook sal steun in alle opsigte nie en dit veral die jeug? -- Ek weet nie of ek daardie indruk geskep het nie.

HOF : Ek wil u dit vra. As daar nou nie 'n Youth League of 'n jeugorganisasie is nie, Vaal Youth League of wat ook al die ding se naam is, Vaal Youth Congress of Vaal Youth Organisation, as daardie ding nie bestaan nie en u sê op die vergadering aan die mense "Ons, die jeug, staan bankvas agter julle en gaan julle help" en die mense dink dat u bedoel 'n organisasie, watter organisasie kon die mense dan aan gedink het? -- Hulle sou nie aan enige jeugorganisasie gedink het nie, want sover as wat my kennis betref, destyds was daar geen jeugorganisasie wat bestaan het in die Vaal nie.

Dit is nie heeltemal reg nie, natuurlik, want u self was die voorsitter van COSAS gewees op 'n stadium? -- Ja, dit is so. Ek weet nie of die mense sou gedink het dat indien ek so praat, praat ek van COSAS nie.

Dit is wat ek aan u wil stel. Sou u dan nie die indruk skep dat COSAS die mense gaan help nie? -- Hulle sou nie daardie indruk gekry het nie, want ek sal sê in die jaar 1984 was dit alreeds duidelik gewees dat ek 'n ouerige persoon is wat nie meer aan COSAS as 'n lid kon behoort het nie. Verder, sover as wat my kennis strek, COSAS was nie 'n organisasie wat baie bekend was in die gemeenskap nie, behalwe aan die studente self.

Het COSAS nie in die nuus gekom in die koerante in daardie tyd nie? -- Dit het, maar ek kan net nie sê hoeveel keer dit te voorskyn gekom het in die koerante in verband met dinge wat betrekking het op die gemeenskap nie.

MNR. JACOBS : COSAS het tog in die tyd voor hierdie vergadering vanaf die tyd toe jy voorsitter was, lateraan

sekretaris/...

sekretaris of organiseerder, het julle tog heelwat openbare vergaderings ook gehou? -- Ja, dit is so.

In die woonbuurtes het die COSAS organisasie heelwat pamflette uitgegee in die tydperk tot Augustus 1984? -- Ek het nie daardie kennis nie, want veral na die jaar 1983 het ek nie goeie kennis gehad van COSAS se doen en late nie.

Jy het tog pamflette gesien wat hulle uitgegee het na daardie tyd? Dit is tog versprei daar in die woonbuurte? -- Ek het dit nie gesien nie.

Is dit nie so dat hulle ook by hulle vergaderings plakkate gehad, COSAS plakkate in daardie woonbuurte nie? -- Nee, dit is nie so nie.

COSAS het gehelp met die vergaderings wat selfs deur VCA gereël was? -- Ek het nie kennis daarvan dat COSAS bygedra het by die vergaderings van VCA nie. Die twee vergaderings wat ek bygewoon het, naamlik die 25ste en die 26ste se vergaderings, het ek nie so opgemerk dat daar 'n deel was van COSAS nie.

Jy het ook vir ons vertel hierso in jou getuienis as ek reg onthou, ek gaan nou op my geheue, dat jy het 'n berig gelees oor die vergadering van 19 Augustus 1984 wat gehou was in ek dink Sharpeville. Ek is nou nie van die plek seker nie. -- Ja, ek het daarvan gelees.

Laat ons dit net duidelik kry. Is dit die vergadering wat beskuldigde nr. 3 sou gehou het en waar hy die voorsitter was en waar mnr. Manthata, beskuldigde nr. 16, die een spreker was? -- Volgens die getuienis wat ek hier in die hof gehoor het, is dit die vergadering van 19 Augustus 1984.

Daar is as 'n bewysstuk hier ingedien 'n koerantberig deur die verdediging. Weet u van hom? -- Ja, ek onthou

van/...

van die berig.

Kan jy onthou dat in daardie berig gemeld word dat COSAS een van die organisasies is wat op daardie vergadering toesprake gelewer het? -- Ek kan nie so goed onthou nie.

Ek stel dit aan jou, dit is wat daar gemeld word dat COSAS een van hulle is.

HOF : Het u die bewysplek?

MNR. JACOBS : Ongelukkig nie. Dit het nou ontwikkel uit hierdie vrae uit. Ek kan net later terugkom na daardie bewysstuk toe. Ek het hom nie op die oomblik by my nie.

HOF : In watter reeks is hy? Verwys u na AAQ7. Dit handel met ŉ berig van 21 Augustus 1984. Ek sien nie ŉ verwysing na COSAS nie, maar ek het dit nie goed gelees nie. AZAPO word gemeld, AZANYO word gemeld, Soweto Civic Association Trade Unions.

MNR. JACOBS : Ek dink die een wat ek na verwys, verwys ook na UDF.

HOF : Ja, UDF heel onder.

MNR. JACOBS : Dan het ek ŉ fout gemaak. Dan is ek jammer. Kan u vir ons sê, was daar in 1984 enige vergaderings of onrus of gebeure by skole gewees in die Vaal? -- Nee, ek het nie sulke kennis nie.

Ek wil dit aan u stel dat die persepsie in die Vaal moes gewees het dat COSAS bestaan daarso, hy het bestaan en die persepsie van die mense moes tog gewees het dat die hulp wat jy so vrylik aanbied kon van COSAS afkomstig gewees het? -- Wat my betref, al was hulle bewus van die bestaan van COSAS destyds, sou dit bekend gestaan het as ŉ organisasie wat te doene het met skoolkinders. Daar was geen rede gewees vir die gemeenskap om te aanvaar dat indien ŉ persoon van

die/...

die jeug praat, dan moet COSAS betrek word in die gemeenskap se doen en late nie.

So, COSAS word uitgesluit as ɦ jeug? -- Herhaal die vraag?

Sluit jy dan COSAS uit as ɦ jeugorganisasie of dat die mense nie sal dink hulle is ɦ jeugorganisasie wat die jeug insluit nie? -- Daar word altyd gespesifiseer as ɦ persoon praat van COSAS, dan praat ɦ persoon van ɦ organisasie van skoolkinders. So, wat my betref is daar geen rede hoekom ɦ persoon COSAS nie met skoolkinders moet assosieer nie.

HOF : Dit is nou nie eintlik die vraag nie. As ɦ mens praat van die jeug, sluit jy dan COSAS uit? -- Dit sluit nie die organisasie COSAS in nie, maar wel die persone van die jeugouderdom word betrek in die gebruik van die woord jeug. Die beskrywing van jeug sluit studente ook in.

Ek wil u net nog ɦ vraag vra oor COSAS. Toe u voorsitter was, hoe groot was julle ledetal? -- Omtrent vierhonderd.

By watter skole? -- Sepothemba High School, Jordan High School, Tukelo Junior Secondary, Botibo Sibo Junior Secondary, Sezenani Senior Secondary, Moqhaka Junior Secondary. Dit is omtrent al plekke waar ons lede gehad het.

Hoeveel hoërskole is daar in Sebokeng en as ek nou praat van hoërskole is dit junior hoërskole en hoërskole? -- Die wat ek alreeds genoem het. Wat ek nie genoem het nie, is die volgende Lekoashando, Mohlodi, Residensia Senior Secondary School, Esokwazi, Gutlo Tharo. Dit is al wat ek onthou. Ek weet nie of ek nog een uitgelaat het nie.

MNR. JACOBS : Die dokument waarmee ek my netnou verwar het is AAQ12. Dit is die een waar COSAS na verwys word van die bewysstukke. Die bewysstuk ingehandig deur die verdediging

is/...

is ɦ Sowetian van 3 September 1984 "Furor in Lekoa" is die opskrif. Ek sal net die tweede paragraaf vir jou lees.

K651 "During previous meetings to protest the increase in house rents and service charges at the weekend leaders of the Vaal Civic Association, Azanian Peoples' Organisation, COSAS and AZANYO latched out at the councillors and called on them to resign immediately." Het jy hierdie berig gelees? Dit was ingehandig gewees deur die verdediging. -- Ja, ek het hierdie berig gelees.

En COSAS het aktief daar deelgeneem en op die vergaderings aanvalle geloods teen die raadslede en geëis dat hulle moet bedank, volgens daardie berig? -- Nie by die vergaderings wat ek bygewoon het nie.

Maar in die Vaal? -- Ek was nie by die ander vergaderings gewees in die Vaal nie. Dus is ek nie daarvan bewus dat COSAS enige rol gespeel het by enige van die vergaderings nie.

Kom ons stel dit so, is daardie koerantberig heeltemal verkeerd? As jy so sê aanvaar ons dit so. Is die verslaggewer se feite verkeerd?

MR BIZOS : "Feite" or "feit"?

MNR. JACOBS : Daar is verskillende organisasies genoem, maar kom ons noem dan nou net COSAS? -- Ek het nie goeie kennis gemaak van hoeveel waarheid hy kan skryf en hoe sy skryfwerk is nie. Wat ek sê is dat by die vergaderings wat ek bygewoon het, dra ek geen kennis van COSAS waar COSAS ɦ rol gespeel het nie.

HOF : Afgesien van die vergaderings wat u bygewoon het, het u van enige vergadering gehoor waar COSAS ɦ rol gespeel het? -- Ek het geen kennis daarvan gekry dat COSAS enige rol

gespeel/...

gespeel het by enige ander vergadering nie.

MNR. JACOBS : Maar die feit is, daardie koerant skryf dat COSAS het bestaan in die Vaal. Daarmee is hy nie verkeerd nie? -- Ek erken dat COSAS bestaan het in die Vaal.

En die mense kon gedink het daar toe jy nou gesê het die jeug, dat COSAS is een van daardie jeuggroepe? -- Toe ek my toespraak gemaak het by hierdie vergadering het ek niks in my toespraak gesê wat dit sou geassosieer het met COSAS nie. Of iets in my toespraak gemeld wat die mense sou regverdig het om my toespraak met COSAS te assosieer nie. Ek het net ŉ toespraak gemaak oor die jeug.

HOF : Kan dit wees dat hierdie verslaggewer u geken het as ŉ oud-voorsitter van COSAS en om daardie rede dit geskryf het? -- Nee, die persoon was nie by die vergadering van die oggend waar ek my toespraak gelewer het nie.

MNR. JACOBS : Was daar koerantmense die oggend? -- Ek onthou van een.

Wie was dit? -- Ernest Nkabinde.

Was jy voorgestel op hierdie vergadering as ŉ spreker deur mnr. Mokoena, beskuldigde nr. 6, wat namens die jeug kom praat en ŉ boodskap bring namens die jeug? -- Ek kan nie so onthou dat hy my op daardie manier voorgestel het alvorens ek my toespraak begin het nie.

Het jy aan die mense duidelik gemaak dat jy praat namens die nie-skoolgaande jeug? -- Nee.

Jy het baie meer kennis as ek hieroor, ek wil net ŉ paar feite by jou kry. Kan jy vir ons, die jeugorganisasies wat landswyd gestig is, is gestig as gevolg van die leiding van COSAS. Is dit reg? -- Nee.

Was dit nie die besluit wat geneem was - is ek

verkeerd/...

verkeerd as ek sê daar was 'n besluit geneem op die COSAS kongres in Kaapstad ek dink in 1982 dat persone wat nie-skoolgaande is nie, mag nou nie langer meer aan COSAS behoort nie? -- Dit is so.

Was daar toe nie dan deur COSAS besluit om 'n komitee aan te stel om ondersoek in te stel na die wenslikheid van die stigting wat julle noem die Youth Organisations op die verskillende plekke nie? -- Nee, dit was nie COSAS se voorstel daardie nie.

Was dit nie jou getuienis dat jy nie op daardie komitee aangestel is nie, maar dat daar wel so 'n komitee aangestel is nie? Nou verstaan ek jou getuienis nie? -- Ek het in my getuienis gesê daar was so 'n komitee gestig gewees by daardie kongres, maar die voorstel was nie oorspronklik van COSAS af nie.

Maar dit is 'n COSAS komitee wat daar aangestel is. Is dit reg? -- Nee, dit is nie so nie.

HOF : Maar die persone wat op die komitee gedien het, was tog almal kongresgangers? -- Ja, hulle was.

En hulle was almal COSAS lede? -- Van hulle was net "observers". Van hulle was van die "out-going members".

MNR. JACOBS : En van hulle was seker ook van COSAS? --

MR BIZOS : There is, with respect, on the witness's evidence a logical difficulty with the assumption made by the prosecutor in putting these questions. The resolution was passed that they would not be members of COSAS henceforth.

COURT : And there he could have stopped?

MR BIZOS : And there he could have stopped, but those persons who were no longer members of COSAS or some of them, who were no longer members of COSAS, formed a committee. I think it

is/...

is really ... (Court intervenes)

COURT : Let us just get clarity on the facts first, Mr Bizos, and that is what Mr Bizos is busy with at the moment. It is no good debating the matter while the witness is being cross-examined on this aspect.

MNR. JACOBS : Die laaste vraag voor die onderbreking was gewees, was daar ook lede van COSAS op daardie komitee? -- Nee, daar was nie.

Was jy by daardie kongres in Kaapstad? -- Ja, ek was daar gewees.

En wie was nog daar saam met jou van die Vaal af? -- Isaac Johnson.

En wie nog? -- Lukas Radebe.

Is dit al? -- Daar is nog ʼn ander persoon. Ek het net vergeet wat die persoon se naam is.

Nkoli, was hy daar? -- Ja, hy was daar gewees, maar nie in ons geselskap nie.

Beskuldigde nr. 13. Was hy as ʼn COSAS Vaal afgevaardigde daar? -- Nee.

Die drie name wat jy nou genoem het, was dit die afgevaardigdes? -- Ja, dit is so.

Was daar nog mense van die Vaal daar gewees behalwe die vier wat jy nou genoem het wat COSAS lede was? -- Ja, ek het gesê daar was nog ʼn ander persoon. Ek vergeet net wie die persoon was.

Toe julle soontoe gegaan het voordat daardie besluit daar geneem was, was julle almal lede van COSAS, tot beskuldigde nr. 13? -- Beskuldigde nr. 13 was nie een van ons mense nie. Ons is hier weg as lede van COSAS. Hy was nie ʼn lid van COSAS nie.

Was hy nooit ŉ lid van COSAS nie? -- Hy was al ŉ lid van COSAS gewees.

Tot wanneer toe? COSAS Vaal? -- Tot omtrent die einde van die jaar 1981.

Die komitee wat daar aangestel was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan ek net duidelikheid kry nou. Was die besluit van die COSAS kongres onmiddellik van krag sodat op daardie oomblik ŉ klomp mense onmiddellik hulle lidmaatskap van COSAS verloor het of sou dit later in werking tree? -- Wat gesê was, was onmiddellik, waar ons hier is nou, waar die besluit geneem word, hierdie mense is nie meer lede van COSAS nie.

Dit beteken dat onmiddellik het ŉ klomp mense landswyd hulle lidmaatskap verloor? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Selfs jy ook? -- Ja.

Jy het nie bedank nie? Jy het sommer outomaties opgehou om lid te wees? -- Na die kongres se besluit daar, het ek die eerste vergadering van die Vaal bygewoon waar ek dit bekend gemaak het dat na aanleiding van die besluit van die kongres is ons nie meer lede van COSAS nie.

Wie is ons? -- Wat nie meer skoolgaande destyds was nie, was ekself, Lucky Twala.

En? -- Ek kan nie meer onthou of daar nog ander is nie. Lukas Radebe. Ek kan onthou van net die drie van ons.

Watter maand was hierdie vergadering? -- Onmiddellik na die kongres.

Ja, maar watter maand was dit? Kan jy onthou? -- Watter vergadering? na die kongres of praat u van die kongres se vergadering?

Ek praat van die vergadering - ons het nou-nou gepraat

van/...

van die vergadering toe jy teruggerapporteer het en jy vir die mense gesê het "ons is nie meer lede nie"? -- Ek kan nie onthou nie, maar wat ek wel kan sê is, dat dit na hierdie kongres was wat gehou was wat daar ŉ vergadering was.

Watter maand was die kongres gehou? -- In Meimaand.

HOF : Mei van? -- 1982.

MNR. JACOBS : Wanneer het die kongres geëindig, middel Mei of einde Mei of kan jy vir ons die datums gee? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Die komitee wat aangestel is wat die ondersoek moes stel was deur die COSAS kongres aangestel, nè? -- Nie deur die kongres self nie. Wat gebeur het is, die persone wie se lidmaatskap onmiddellik daar verval het, tesame met die "observers", het besluit op die stigting van hierdie komitee. So, dit was nie deur die kongres besluit dat daar ŉ komitee gestig moet word nie.

En hierdie komitee, het julle ŉ liggaam gestig of nie? Aan wie sou hierdie komitee terugrapporteer? -- Hierdie komitee sou net op die ding ingegaan het om ondersoek in te stel om te sien of die komitee in staat gaan wees en of dit moontlik gaan wees vir die komitee om ŉ jeugorganisasie te stig waar ook al. So, hulle het nie ŉ spesifieke liggaam gehad aan wie hulle verslag moes gedoen het na aanleiding van die ondersoek wat hulle uitgevoer het nie. Hulle sou net self besluit het om met sekere mense in aanraking te kom, waar hulle dit moontlik vind om ŉ stigting te begin.

HOF : U bedoel plaaslik? -- Plaaslik, ja.

MNR. JACOBS : Sou hulle die land deurgereis het om nou uit te vind plaaslik elke plek waar kan hulle so ŉ organisasie stig? -- Die persone van die komitee wat daarop gedien

het/...

het, was volgens die provinsies aangestel. Dit wil sê elke provinsie was teenwoordig op hierdie komitee.

Ek vra die komitee, sou hy nou rondgery het deur die land en gekyk het waar gaan hulle stig en waar gaan hulle nie stig nie of waar kan hulle stig of waar kan hulle nie stig nie? -- Dit was in die hande van die komitee gelaat om te besluit of hulle ŉ jeugorganisasie kan stig en indien wel, by welke plek.

HOF : Is die posisie dit, dat daar besluit is ons beëindig nou lidmaatskap van die persone wat nie meer werklik skoliere is nie, dat daar toe gevra is nou wat nou van daardie persone wat tog goeie aktiewe persone is vir die saak, dat daar besluit is in beginsel ons stig vir hulle ŉ jeugorganisasie, maar dat die komitee moet besluit waar en op watter plekke dit gestig moet word? -- Na die besluit dat die ander persone se lidmaatskapy nou beëindig word omdat hulle nie meer skoliere was nie, het een van die persone wie se lidmaatskap beëindig was, toe aan die kongres daar ŉ versoek gerig deur te vra wat nou gaan word van die mense wie se lidmaatskap beëindig is. Na aanleiding daarvan is daar toe besluit deur die persone wie se lidmaatskap beëindig is dat daar ŉ organisasie gestig moet word vir hulle. Met die gevolg sy voorstel was aanvaar in hierdie kongres na aanleiding waarvan ons toe ŉ kans gegee was in dieselfde groot saal om ons eie dinge daar te bespreek. Dit is ons, die mense wie se lidmaatskap beëindig was. Dit is toe op daardie stadium wat die mense toe besluit het op die stigting van hierdie komitee van die mense wat nie meer lede was van die kongres nie.

Die voorstel wat deur die kongres aanvaar is, watter

voorstel/...

voorstel is deur die kongres aanvaar? -- Wat ek sê is die volgende. ŉ Persoon van die mense wie se lidmaatskapy beëindig was, het toe gevra vir die kongres "Wat word nou van ons, die mense wie se lidmaatskap nou beëindig word"? Dit was gedurende die sessie van die kongres. Op ŉ stadium was ons toe ŉ kans gegee deur die mense van die kongres wat gesê het die wat nou nie meer lede is van die kongres nie, sal nou kans gegee word om hulle saak eenkant te bespreek. Ek kan net nie meer met sekerheid sê of daar ŉ sessie onderbreek was en of dit gedurende etenstyd was dat ons ons kwessie alleen moes oorweeg het en toe later besluit het wat om te doen nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Malindi, kan u vir die Hof sê op watter stadium van die kongres het hierdie besluit gekom? Aan die begin of einde?

MR BIZOS : There are two decisions that have been spoken of. The one that we left off with was not a congress decision. Which decision are we referring to in order to avoid misunderstanding?

MNR. JACOBS : Ons handel met die besluit dat nie-skoliere nie meer aan COSAS mag behoort nie. (Meganiese defek) --

K652 Ek sal sê dit was ŉ goeie getal gewees, maar as ek moet sê wat die getal was, kan ek dit nie doen nie. Ek skat ongeveer vyftig.

HOF : Vyftig uit hoeveel persone? -- Vier- tot vyfhonderd mense was teenwoordig by hierdie kongres.

MNR. JACOBS : Is dit nou afgevaardigdes? -- Ek kan nie

met/...

met sekerheid sê hoeveel afgevaardigdes daar was nie, maar hulle was nie meer as tweehonderd nie. Die res was die "observers".

Hierdie vyftig mense wat direk geraak was deur die besluit, het hulle toe die kongres verlaat? -- Ek verstaan nie. Wat bedoel u dat hulle die kongres verlaat het?

Hulle is mos nou nie meer lede daar nie. Wat het hulle dan nou verder daar te soek? -- Hulle het aanwesig gebly tot die einde van die kongres sodat hulle saam kan teruggaan met die afgevaardigdes wat saam met hulle gekom het daar.

En jy en die ander, het julle nie meer deelgeneem aan die kongres self nie? Julle was maar toeskouers? -- As ek nog reg onthou, as daar byvoorbeeld iets daar opgeduik het wat betrekking het op jou taak, het die persoon nog aangegaan met uitvoering van sy pligte asof hy nog 'n lid was van hierdie taak.

Self nog deelgeneem aan die besluitneming en gestem, al daardie dinge? -- Nee.

So, julle het nie meer aan besluitneming en stemming deelgeneem nie? -- Ons het nie meer kwalifiseer nie.

Sal jy saamstem op die begrafnis van 23 September 1984 was daar 'n banier van Vaal Youth Congress? -- Daar was 'n banier gewees wat so geskryf was.

En dit moes daar deur mense van daardie organisasie gebring gewees het? -- Ek het nie kennis daarvan dat daar so 'n organisasie in die Vaal bestaan nie.

Daardie banier kon tog nie vanself daar gekom het nie? -- Nee, ons stry nie daaromtrent nie.

So, daar moes so 'n organisasie gewees het? -- Ek het nie die kennis van die bestaan daarvan nie.

Ek/...

Ek sal terugkom hiernatoe. Ek wil nou net teruggaan na die vergadering van die oggend van 26 Augustus 1984. In jou toespraak het jy vir die Hof vertel jy het dit by die gehoor tuis gebring dat die raadslede van Evaton Dorpsbestuur deur skelm metodes die inwoners van hulle eiendomme ontneem. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Noem vir die Hof name van persone wat op skelm wyse hulle eiendom verloor het? -- Al weet ek nie presies self wie die persone is by name nie, is daar wel mense wat standplase verloor het op daardie manier en daar was alreeds van hulle wat omtrent die standplase sou verloor het op daardie tydstip op dieselfde manier.

So, jy kan vir ons geen name noem nie? -- Ja, omdat ek nie uit my kop uit kan sê nie, maar daar is sulke name.

Noem vir ons die skelmstreke wat aangewend is om die mense van hulle eiendom te ontneem? -- Byvoorbeeld hulle sê hulle is besig met die herbeplanning vir die mense om daardeur wins te maak terwyl hulle besig was om die mense se eiendomme van hulle te ontneem, dit wil sê dié wat die reg het tot die eiendomme.

Maar hoe is dit skelm ontneem? -- Dit is ꞌn baie breë manier want die goewerment het die "policy" van sê dat Swartmense behoort nie om grond te besit in sekere gedeeltes nie. Die Gemeenskapsraad word dan daar in werking gestel ter uitvoering van daardie "policy."

Die beleid word uitgevoer van die regering, maar ek vra vir jou oor die skelmstreke wat aangewend was.

HOF : Wag net so ꞌn bietjie. As u praat van "policy", bedoel u beleid? -- Ja, beleid.

MNR. JACOBS : Ek vra vir jou jy moet vir ons die skelmstreke

wat/...

wat aangewend is kom noem. -- Die skelmstreke wat ek van praat is dat terwyl hulle daar by die Gemeenskapsraad staan as lede van die Gemeenskap, is die bewering dat hulle namens die gemeenskap daar optree in die guns van die gemeenskap. Terselfdertyd is hulle besig om dieselfde gemeenskap wie hulle beweer dat hulle verteenwoordig te beseer.

Het hulle enige eiendom van die gemeenskap deur dit te doen dan skelm ontneem? -- Ja, byvoorbeeld as dit die gemeenskap se gevoel is dat wat nou aangebring word is gevaarlik vir die gemeenskap en die inwoners van daardie gebied, in die sin dat dit die mense se eiendomme sal ontneem, naamlik die grond, dan kom die Gemeenskapsraad en sê nee, ons kom dit juis regstel, terwyl hulle presies daardie beleid gaan uitvoer vir die ontneming van die mense se eiendomme. Dit is die skelmstreke wat ek van praat.

Niemand se eiendom is gesteel nie. Is dit reg? -- Nee, kyk, as iemand se eiendom van die persoon ontneem word, sonder 'n volledige verduideliking wat verstaanbaar is aan daardie persoon, is my vertolking daarvan maar diefstal, dat iets gesteel is van daardie persoon.

Jy sien, die getuienis wat ons hier gehoor het, selfs van beskuldigde nr. 6, is dat die Raad het eiendomme aangekoop van die mense. Is dit skelm? -- Ja, dit is reg, daar is van die plekke wat gekoop was sonder die inwoners se wete of die mede-eienaars van die plek, dat daardie plek verkoop is, dat die persoon later verneem dat daardie plek reeds verkoop is.

Dan is die persoon sommer afgesit van sy plek af? -- Nee, nie altyd nie. Partykeer bly die persoon op daardie standplaas, maar dan weet die persoon nou dat hy of sy nie

meer die eienaar is van die standplaas nie, maar die standplaas behoort nou aan die Raad.

HOF : Kan u vir ons ŉ voorbeeld daarvan gee? -- Daar was baie sulke klagtes gewees. Ongelukkig weet ek nie wat die name van die persone is wat in daardie tipe klagtes betrokke was nie.

MNR. JACOBS : Die getuienis was ook as die Raad ŉ eiendom bekom het, dan het hulle al die huise daarop plat gestoot en goeie huise, was dit ook nog gesê, dan het hulle die ding opgedeel en nuwe huise daar gebou. Hoe verstaan ek dan nou jou getuienis? -- Ja, hy het dit gedoen dat hy op daardie manier bou op die standplase.

So, daardie sogenaamde eienaars wat jy nou sê wat so ontroof is, kon hulle nie daar op die eiendom gebly het nie? -- Nee, as ŉ persoon toegestem om een van die huise te besit by die nuwe strukture wat daar opgerig is, dan sal daardie persoon toegelaat om op die standplaas te bly.

Het die stelsel nie so gewerk dat die eienaar wat sy plot verkoop het aan die Administrasieraad of die Dorpsbestuur, dat hy ŉ keuse het dat hy kan weer een van die persele kry en nie onder huurpag nie, maar onder vrypag? -- Dit was nie die inwoners van Evaton se siening nie. Die siening was daar dat sodra ŉ plek verdeel is, dan gaan die persone verloor op die "freehold" wat hulle gehad het. Dié van die vrypag wat later besluit was, dat die gewese eienaar van die standplaas dit kan bekom, was na aanleiding van die gevoelens van die gemeenskap teenoor wat daar vroeër plaasgevind het dat hulle daarop besluit het.

Het vroeër die mense nie die reg gekry as die Raad miskien ŉ skool of dit daar wil bou op die perseel, dat

hulle/...

hulle op 'n ander plek 'n perseel kry onder vrypag nie? -- Nee, dit weet ek nie van nie.

Het jy geweet dat die inwoners het self gevra dat daar herbeplanning gedoen moet word? -- Ek het geweet dat die Administrasieraad sowel as die Gemeenskapsraad wil 'n herbeplanning uitvoer te Evaton en die inwoners daar is net nie tevrede met die beoogde herbeplanning nie.

Antwoord nou maar my vraag. Het jy geweet dat die inwoners self het gevra ook vir 'n herbeplanning daar nie? -- Omdat die gevoel tussen hulle was dat hulle die "freehold" regte gaan verloor indien hulle dit toelaat.

Goed, antwoord my vraag. Het jy geweet dat van die inwoners het self gevra vir herbeplanning in daardie gebied? -- Ek het nie daarvan geweet nie. Wat ek wel van geweet het is dat hulle nie tevrede was met die manier waarop die herbeplanning in werking gestel gaan word nie.

Stem jy saam of het jy enigsins geweet, kennis gedra daarvan dat daar 'n behoefte gekom het vir 'n herbeplanning? -- Nie wat my betref nie. Nie volgens my siening nie.

Dan kon daar vir die mense dienste gegee word en beter huise en so aan en meer huise? -- Indien die herbeplanning net gegaan het oor die aanlê van elektriese krag in die huise, die aanlê van pype vir die sanitêre sisteem, dan stem ek daarmee saam, maar wat hierdie bou van huise betref en die herbeplanning wat dit betref, in daardie sin, stem ek nie mee saam nie.

Is dit nie so dat daar gedurig mense ingekom het wat daar kom plak het nie en dat daar 'n groot behoefte vir huise bestaan het nie? -- Dit is so, ja, dat mense in Evaton ingetrek het op soek na verblyfplekke.

jou/...

Jou eie ouers was van die mense wat sommer ingekom het en daar gaan bly het. Is dit nie so nie? Gaan plak het daar?

MR BIZOS : I have had occasion previously to object to the use of the word "squatting".

HOF : Wel, dit is ŉ stelling en hy kan daarop antwoord of nie daarop antwoord nie. Sy antwoord was mense het ingetrek op soek na verblyfplek. Nou is die stelling dat jou ouers het daar kom plak. Hy kan dit ontken of erken.

MR BIZOS : Ek aanvaar dit dat dit so kan wees. -- My ouers het ingetrek by Evaton op soek na verblyfplek.

MNR. JACOBS : Van waar af het jou ouers gekom? -- Van die Vrystaat.

Die Vrystaat is baie groot? -- Anderkant Heilbron.

Waarvanaf? Van die plase af of uit ŉ dorpsgebied uit? -- In die nabyheid van ŉ dorp bekend as Petrus Steyn.

Daar op die plase in die distrik van Petrus Steyn? -- Ja, dit is so.

So, hulle het daar van die plaas af weggegaan sommer net en daar na Evaton toe gegaan sonder dat hulle woning gehad het en sonder werk? -- Nee, my pa het eers in Johannesburg gewerk en by sy families gebly terwyl hy daar gewerk het. My moeder was in diens gewees as ŉ huisbediende wat ingebly het. Na ŉ tyd het hulle verneem dat hulle ŉ blyplek kan bekom te Evaton, as gevolg waarvan hulle toe na Evaton toe gegaan het.

So, hulle het sommer net daar op die plotte gaan bly waar hulle daar verblyfplek gekry het?

HOF : Dit is nou ŉ bietjie snaaks hierdie sommer maar net. Enigiemand wat êrens gaan bly, bly seker sommer maar net

daar/...

daar. Wat bedoel u met sommer maar net?

MNR. JACOBS : Laat ek dit so stel, sonder enige toestemming van 'n buitestedelike gesondheidsraad of persone in beheer van daardie gebied? -- Ja, hulle het daar ingetrek om daar te gaan bly sonder die toestemming wat u na verwys. U weet, hierdie kwessie van die toestemming is nog 'n groot vraag tot op hierdie stadium, wat ons miskien later tussen ons kan bespreek hoekom dit nog 'n vraagteken is.

HOF : Oor 'n koppie tee, maar nie in die hof nie.

MNR. JACOBS : Is daar baie mense wat so van die plase (10) af ingekom het en hulle gevestig het daar in Evaton? -- Nee, nie daardie tyd nie. Hulle was baie min mense wat sommer daar ingetrek het, maar in hierdie jare van 1982 ensovoorts daar rond, het daar mense in groot getalle daar ingetrek weens die droogte op die plase. Dit was na aanleiding daarvan dat baie mense ingetrek het in Evaton.

Baie van die mense het ingetrek sonder dat hulle werk het? -- Ek weet nie of hulle daar ingetrek het sonder dat hulle werk gehad het nie, maar wat ek wel kan sê is, hulle het daar ingetrek omdat hulle nie meer werk gehad het op (20) die plase nie weens die droogte.

Toe hulle nou daar ingetrek het, het die toestand nog versleg wat higiëne betref en gesondheid, huisvesting ensovoorts? -- Daar is standplase waar ek opgemerk het dat daar baie mense was wat besig was om strukture op die standplase op te rig.

Dit is sommer sinkstrukture bekend as kaias? Dit was sulke sinkhuisies, nie behoorlike steenhuise nie, nè? -- Ja, dit is so.

HOF : Soos ek dit begryp is daar groot persele waarvan (30)

Swartmense/...

Swartmense eiendomsreg het? -- Ja.

Ek kry die indruk asof met hierdie toestroming van ander mense party die toestromers toegelaat het op hulle persele en ander nie die toestromers toegelaat het op hulle persele nie? -- Ja, dit is reg.

Dus, daar was sekere plotte wat lig bewoon was en ander was oorbewoon? -- Ja, dit is so.

En op die oorbewoonde plotte was daar seker sanitêre probleme? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat die inwoners van Evaton het ʼn petisie selfs gerig vir herbeplanning onder andere. Ek wil jou verwys na BEWYSSTUK CA7. Weet jy wie die Evaton Residents Vigilance Association is? -- Ek weet nie wie hulle almal is nie, maar wat ek wel kan sê is dat die burgemeester, mnr. Rabotape, is ʼn lid van daardie organisasie.

Was hy aan die begin ʼn lid? -- Nee, maar ek het dit eers leer ken om te weet in die jare 1980 dat hy ʼn lid is van daardie organisasie.

Was dit ʼn burgerlike gemeenskapsorganisasie? Dit was nie ʼn amptelike organisasie gewees nie? -- Ja, dit is so.

Hierdie dokument aan CA7, dit is "Annexure 2", is blykbaar ʼn petisie wat die gemeenskap daar opgestel het en hier is ook ʼn hele naamlys agter aan van persone wat dit geteken het en hulle adresse.

HOF : Dit lyk nie vir my na ʼn naamlys wat persone geteken het nie. Dit lyk vir my eerder na ʼn lys van persone wat sekere, miskien klagtes het aan wie kennis gegee is of wat ook al. Is hierdie ʼn petisie? Dit lyk vir my meer na ʼn opsomming van sekere stellings.

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : In die dekbrief noem hulle dit ŉ petisie. Dit is daarom dat ek dit ook ŉ petisie noem.

HOF : Nee, maar die vraag ontstaan of hierdie aanhangsel die sogenaamde petisie is.

MR BIZOS : May we be of assistance because it was dealt with by accused no. 6. With the greatest respect, the prosecutor is misreading the document. The only request for subdivision appears at the bottom of the second page of the memorandum and that was clarified by accused no. 6 that this was not a request for a general subdivision, but for a limited number of very large areas. It was in answer to Your Lordship's question, if my memory serves me correctly. Survey of Lots 12 to 29. That is how it was explained by accused no. 6. The document as a whole is not a petition for subdivision. On the contrary, it is corroboration of the witness's evidence that there were lots of complaints, because the names and addresses are the allegations - I will not use the same words as that used by the witness, but I would leave it for Your Lordship to interpret the words as to whether they corroborate him or not in relation to the complaints that people had and insofar as names may have been asked for by the State, they could perhaps find them in the documents produced by them. Whilst I am on my feet, if the State - we understand this cross-examination to be a persistence that the people in Evaton did not have any grievances or complaints. Of course the State is entitled to do that, to persist in this, but I merely indicate that if the State persists in it, it may well be that we will have to call numerous witnesses in order to show that there were genuine.

COURT : I do not think that that is the gist of the cross-examination. I thought the gist of the cross-examination was directed towards the necessity of subdivision.

MR BIZOS : I understood with respect that "you had no right", that is how the cross-examination started "to say that people were tricked out of their land when you said so on the morning of 26 August."

COURT : We have passed that stage now. At the moment we are busy with his parents who were arrested from time to time. That part of his evidence.

MNR. JACOBS : Ek mag miskien verkeerd wees, ek maak staat op my geheue nou, maar ek het nooit die woorde "no right" gebruik nie. Ek dink die kruisondervraging het gegaan op daardie stadium oor die skelmstreke en daardie tipe ding, maar ek sal my vraag so geformuleer dat daar tog mense in Evaton was wat gevra het vir herbeplanning? -- Ek sê nie daar was nie ŉ versoek gewees vir ŉ herbeplanning van daardie mense nie, ek dra nie kennis daarvan nie, maar wat ek wel sê is dat mense van Evaton was teen die beleid wat nou gevolg was dat hulle die regte van eiendomme moet verloor, alhoewel hulle belang gestel het in die verbetering en die toestande in Evaton.

En ek wil dit aan jou stel dat jy is eintlik verkeerd as jy sê die mense het hulle eiendomme verloor, want elke plek wat herbeplan sou word, sou, as ek die stukke wat hier ingehandig is reg verstaan, die grondeienaar ŉ perseel behou in vrypag.

HOF : Uit elke ses?

MNR. JACOBS : Uit elke ses.

HOF : Dan hou hy mos een-sesde. Dan verloor hy vyf-sesdes.

Dit/...

Dit hang seker af van watter kant jy dit bekyk, of hy verloor of nie verloor nie.

MNR. JACOBS : Maar hy het nie heeltemal sy eiendom verloor nie. Hy het gedeeltelik verloor waar hy ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dan moet u sê dat hy verkeerd is as hy sê dat alles verloor is en moenie ook aan hom stel dat hy niks verloor het nie.

MNR. JACOBS : Laat ek dit so aan jou stel. In die eerste instansie is die plekke gekoop van die mense. Hulle het dit nie sommer net verloor nie? -- Ja, dit is reg, al word die plek gekoop, dit word nog deur die Raad gekoop. Ons is nog daar besig om te kla dat ons baie min grond het om te besit. Die grond, indien die eienaar dit wou verkoop het, moet dit aan ons verkoop word sodat ons genoeg grond kan hê, dat dit nie teruggaan na die Raad toe nie.

En die eienaar het dan ook weer die reg om een perseel van die plot wat dan opgedeel word in verskillende wooneenhede te besit, terug te koop as ŉ vrypagreg? -- Ja, dan het hy maar die groot gedeelte van sy eiendom verloor wat hy oorspronklik gehad het op daardie manier. Die tweede klagte van mense van Evaton was die volgende. Met die herbeplanning, sê byvoorbeeld die grens vat omtrent ŉ meter weg van jou grond af, daardie meter gaan nie terugkom na jou toe nie. Volgens jou "title" het jy so ŉ groot plek, maar wat jy nie meer besit nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ek verstaan nie mooi nie. Wat bedoel jy met die meter wat by die grens wegval? -- As daar nou ŉ herbeplanning gedoen word, sê nou ŉ stuk van ŉ grond wat omtrent ŉ meter groot is val nie meer onder sy grond wat hy vroeër besit het nie, dan sal daardie persoon ŉ meter

verloor/...

verloor het met die herbeplanning.

HOF : Dit is nou baie interessant, mnr. Jacobs, maar u is eintlik met 'n man van Gebied 13 besig om Evaton te debatteer. Dit kon u alles gedoen het met nr. 6.

MNR. JACOBS : Hoekom ek dit aan jou stel hierdie dinge is dat jy het op hierdie vergadering verkies om oor Evaton te praat en jy het dit baie belangrik beskou, ek stel dit aan jou, om die boodskap oor te dra dat hierdie mense wat daardie vergadering bygewoon het moet glo dat hierdie raadslede is skelm en steel hulle of kry op 'n skelm wyse hulle eiendomme in die hande? -- Dit is nou Evaton se mense se persepsie daardie. Ek het net iets gesê daaromtrent omdat ek dit as die waarheid beskou het.

HOF : Het u nie daardie persepsie aangehelp deur dit te sê nie? -- Dit kan wees dat ek dit aangehelp het, maar wat ek eintlik daar gedoen het was om te beaam wat hulle sê, dat dit eintlik korrek is, ek stem saam met hulle.

MNR. JACOBS : Jy wou dit verder by hulle bevestig en by hulle tuis bring dat hulle moet hierdie raadslede wat so skelm hulle goed vat verwerp? -- In my toespraak het ek gesê ek stem saam met mnr. Khubega waar hy sê die inwoners moenie saamwerk met die mense nie, hulle moenie toelaat dat hulle werknemers of hulle persone op die mense se persele binne moet kom nie.

En die boodskap wat jy wou oordra met hierdie skelm raadslede is dat die mense moet begin om van hierdie raadslede ontslae te raak? -- Ek het net saamgestem met dit wat Khubega gesê het en niks meer as dit nie.

Maar jy het mos jou toespraak voor die tyd voorberei en jy het dit mos afgelees. Toe het jy nog nie gehoor wat

mnr. Khubega/...

mnr. Khubega gesê het nie? -- Nee, Khubega was die spreker net voor ek die spreker was. In my toespraak het ek gesê dat ek saam met hom stem.

HOF : Nee, maar die punt is, u het ŉ skriftelike toespraak voorberei. Dit het u afgelees? -- Ja, dit is so.

En daarin kon niks gewees het van wat Khubega sê nie, behalwe as dit bloot toevallig was? -- Dit is reg, ja.

MNR. JACOBS : En as ŉ mens ŉ toespraak gaan lewer en hom voorberei, dan berei jy jouself voor om ŉ boodskap oor te dra aan die mense daar. Daar is ŉ doel in jou toespraak? -- U is reg.

En jou doel was gewees om die raadslede baie ongewild te maak? -- Dit is nie so nie.

Hoekom noem jy hulle skelms en sê hulle het skelm maniere waarop hulle te werk gaan om die mense se goed te kry? -- Ek is na hierdie vergadering toe waar ek die "solidarity express" het en die mense van Evaton se optrede of se stryd beaam dat hulle nie toelaat dat hulle hulle regte van die grond verloor nie. In my toespraak het ek nie ŉ voorstel gehad wat om vir die mense te sê wat hulle moet doen nie. Na aanleiding van Khubega se toespraak, na hy gepraat het, het ek toe gebruik gemaak van sy toespraak en gesê dat ek saam met hom stem.

Met wat hulle moet doen? -- Dat hulle nie die Raad se werknemers moet toelaat om die persele wat hulle eien, te betree sonder toestemming van die eienaars nie.

Dit is nou goed en wel, maar ek vra nou weer vir jou wat was jou doel gewees om die raadslede skelm mense te noem wat die eiendom van die mense op ŉ skelm manier bekom? -- Wat ek gesê het is dat die stryd van mense van Evaton

gaan/...

gaan voort en ek het toe verder verduidelik hoe dit gekom het dat die Gemeenskapsraad daarin geslaag het om die mense se grond oor te neem. Dit is net ŉ verklaring. Ek verstaan nou nie wat is u vraag nie.

Jy het nou-nou saam met my gestem as ŉ mens ŉ toespraak maak het jy ŉ boodskap en ŉ doel daarmee. Nou vra ek vir jou in jou boodskap en jou doel, hoekom sê jy die raadslede is skelm, hulle tree op ŉ oneerlike manier op?

MR BIZOS : There is a difference between acquiring land - there are two - there is this just unwarranted progression. The witness has not said that he called them "skelms". Those are the words used by the prosecutor. The witness has not said that they had taken the land for themselves. The witness said that they allowed the land to be taken by the Board and I would appeal for a ruling that some regard or very strict regard to the evidence and not paraphrasing which leads witnesses to go on the defensive and have long debates.

HOF : Die getuie het nie gesê dat die mense skelm is nie. Daar was ŉ ander woord gebruik wat ek toe nog nie kon begryp nie en dit is verduidelik en dit het toe uitgeloop daarop dat die metode ŉ onaanvaarbare metode is, nie dat die mense self skelms is nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit so stel. Wat was die doel daarby wat jy gehad het met jou toespraak en jou boodskap om dit aan die mense oor te dra dat raadslede op ŉ oneerlike of deur skelm metodes die mense se eiendom verkry? -- Die doel van my bywoning van hierdie vergadering was om ŉ toespraak te maak wat betrekking gehad het op die jeug en indien ek die kans kry om ŉ woord te kan sê omtrent die gebeurtenisse

van/...

van Evaton, dan sou ek iets gesê het. Dit is met die gebruik van daardie geleentheid dat ek hierdie verklaring gemaak het, wat eintlik nie ŉ spesifieke doel gehad het nie, maar net ŉ verklaring was wat deur my gemaak was.

HOF : Wat gesê was is "Since the community council of Evaton is faced with replanning, which is a decent way of taking people's property" toe kon ek die woord "decent way" nie begryp nie, ek het toe twee vrae daaroor gevra en toe is dit vertolk as ŉ "crook way"."Crooked way" moet dit seker wees, maar wat gebruik is hier is ŉ "crook way". "Because the community councils sided with the authorities in taking the rights of the people." ŉ Skelm metode is seker aanvaarbaar.

MNR. JACOBS : Is dit jou antwoord finaal op my vraag? -- As u nie tevrede is met daardie antwoord nie, het ek geen ander manier op hierdie vraag op te antwoord nie.

Ek sal miskien dit net vir billikheid aan jou verduidelik. Ek gaan argumenteer miskien aan die end dat jy die mense opsweep teen die raadslede. Daarom gee ek vir jou die geleentheid om te verduidelik vir die Hof hoekom - wat die doel van jou verklaring was daar in daardie vergadering, hoekom jy die mense op die wyse soos ek dit nou alreeds drie keer aan jou gestel het, voorgestel het aan die gehoor, die raadslede so voorgestel het. Dit is jou keuse. As jy dit nie wil antwoord nie, is dit jou keuse. Ek gee uit billikheid vir jou die geleentheid om ŉ verduideliking vir die Hof te gee want ek gaan argumenteer afleidings wat ek daarvan maak. -- Ek ontken dit dan nou terwyl ek hier staan.

HOF : Wat is die ontkenning? Wat was die vraag?

MNR. JACOBS : Ek het vir hom gevra wat was die doel gewees

dat/...

dat hy na daardie vergadering toe gegaan het en vir die mense daar vertel het dat hierdie raadslede, die metodes wat hulle aanwend om die mense se eiendom op oneerlike wyse, op 'n skelm metode, dit is die woord wat ons destyds gebruik het, te verkry.

MR BIZOS : The question was - I know that it is difficult sometimes for a cross-examiner to remember his question - the gravamen of the question was that he was inciting people against the councillors. That is really what the denial deals with.

COURT : Let us just get it straight. What was your denial? -- Dit was nie die vraag wat die aanklaer my gevra het nie.

Laat ons nou net duidelikheid kry om dit bo alle twyfel te stel. U het gesê u ontken. Ek het daardie gedeelte nie gevolg nie, omdat ek besig was om die notas op te soek. Wat presies het u ontken? -- Sy stelling was dat hy gaan argumenteer dat ek die mense opgesweep het om die raadslede te verwerp. Ek sê ek ontken dat ek dit gedoen het soos ek nou hier staan.

MNR. JACOBS : Dit was nie die vraag nie. Ek het hom eintlik net 'n verduideliking gevra ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U moet nou nie nog die ding vertroebel deur weer 'n keer te verduidelik nie. Ek het nou die antwoord begryp. Nou wil ek die volgende vraag begryp.

MNR. JACOBS : Ek gaan nou oor na die "million signature" gebeure op daardie vergadering van 26 Augustus 1984, die ERPA vergadering. Toe Esau Raditsela daar gewees het op daardie vergadering en daardie toespraak gemaak het oor die "million signature campaign", kan jy vir ons sê, het Esau 'n versoek gerig aan die voorsitter van die vergadering

om/...

om iets te sê of het die voorsitter van die vergadering hom gevra om iets te sê? -- Ek onthou dit nie.

Kan jy onthou toe beskuldigde nr. 17 gepraat het of hy versoek het om te praat en of die voorsitter hom versoek het om te praat? -- Ek onthou dit nie.

Toe Esau verduidelik het omtrent hierdie "million signature campaign" het hy verduidelik van waar hierdie kampanje kom? -- Ja, hy het gesê dit is 'n kampanje van die UDF wat voortgesit word deur die geaffilieerdes van die UDF.

Het hy genoem watter geaffilieerdes van UDF dit voortsit op hierdie vergadering? -- Ja, hy het gesê op daardie oomblik wat hy gepraat het, is die VCA die geaffilieerde waarvan hy praat, maar wie ook al die mag wees, wat nie saamstem met dit wat daar genoem word nie, kan 'n handtekening daarop aanbring.

Het hy genoem dat ERPA saam met VCA hierdie kampanje gevoer het? -- Ek onthou dat hy gesê het dat dit nodig was vir Evaton Ratepayers om ook 'n hand by te sit met die uitvoering hiervan want hulle het ook probleme.

Maar my vraag is, het hy gesê dat ERPA en VCA saam werk in die uitvoering van hierdie kampanje? -- Ek kan nie onthou dat hy daardie woorde gebruik het nie.

Het hy verduidelik wat is die doel van hierdie kampanje? -- Ja, hy het gesê die mense wat daarop teken wys daardeur dat hulle nie saam met die manier van apartheid gaan nie.

Het hy gesê op watter manier hulle nie saamgaan met apartheid nie? -- Ek kan nie onthou of hy dit gesê het nie.

Het hy verduidelik hoe dat hierdie kampanje UDF of die organisasies gaan help? -- Nee, hy het nie gesê nie.

Het Esau enige vorms by hom gehad? -- Ek weet nie of

Esau/...

Esau die vorms gehad het nie, maar ek het wel vorms gesien by die vergadering.

Hoe het jy die vorms gesien? Waar het jy hulle gesien? -- Dit was op die tafel gewees en dit was besig om geteken te word.

Op watter tafel was dit? -- Van die vorms was geteken bo-op die tafel, dit is die tafel op die verhoog en daar is van die vorms wat geteken was tussen die gehoor.

HOF : U bedoel die vorms is gesirkuleer? -- Nee, die vorms is nie gesirkuleer nie, maar ʼn persoon het in die middel van die gehoor daar in die saal gestaan en die gehoor het dus na hom toe gegaan om dit te gaan teken.

MNR. JACOBS : Is dit terwyl die vergadering nou so aan die gang was? -- Nee, dit was aan die einde van die vergadering.

Nadat Esau gepraat het? -- Ja, dit is na hy gepraat het.

Waar het hierdie vorms op die tafel vandaan gekom? Het hulle al die tyd daar gelê? -- Die vorms is te voorskyn gebring na die opdaag van Esau, beskuldigde nr. 17 en Edith by hierdie vergadering.

Wie het hulle te voorskyn gebring? -- Ek kan nie onthou wie die persoon is wat die vorms besit het nie.

Was dit nie Esau nie? -- Ek onthou nie.

Is die mense versoek daar om die vorms te kom teken? -- Ja, hulle was versoek.

Wie het hulle versoek om die vorms te teken? -- Esau.

Het baie mense geteken? -- Van die persone wat omtrent honderd was, het die meerderheid daarvan geteken.

En die persoon wat in die middel gestaan het met die vorms, wie was dit? -- As ek reg onthou was dit Edith

gewees/...

gewees wat tussen die gehoor gaan staan het.

Het dit nog alles gebeur voordat Nkosi Sikilele Afrika gesing was? -- Dit is na dit gesing was.

Toe die vorms te voorskyn gehaal was of wat? -- Toe die versoek aan die mense gerig was dat hulle moet teken, na die singery van die "national anthem".

Het Esau dit nie in sy toespraak gesê nie? -- Ek onthou nie dat hy dit gesê het nie.

Het hy nie gesê hier is nou vorms beskikbaar en die mense moet teken na die vergadering nie? -- Ek onthou dit nie.

Was beskuldigde nr. 6 nog daar toe hy hierdie vorms uitgehaal het? -- Ek weet nie of hy nog daar was nie.

Jy sê vir die Hof jy kan glad nie onthou hoe dit gekom het dat beskuldigde nr. 17 op hierdie vergadering gepraat het nie? -- Ja, ek sê so.

En jy sê - kan jy vir ons sê, het hy die mense versoek om die vorms te teken? -- Ek het Esau gehoor.

En vir beskuldigde nr. 17? -- Nee, ek het hom nie gehoor die versoek maak nie.

Sê jy daardeur hy het nie die versoek gemaak nie? -- Ek sê ek kan nie onthou nie.

Het jy ooit vir jou regsverteenwoordigers gesê dat beskuldigde nr. 17 wel die versoek gemaak het? -- Nie ek nie. Ek het nie so gesê nie.

Hoekom ek vir jou vra, laat ek jou net die geleentheid gee om daarop te antwoord, dit was aan Rina Mokoena gestel dat beskuldigde nr. 17 wel die versoek daar gerig het, dat dit die weergawe van die verdediging is dat hy wel daarso versoek het dat die mense die vorm moet teken? -- Wel, ek

kan nie onthou dat beskuldigde nr. 17 dit gesê het nie.

Nee, maar ek wil net weet of die verdediging dit by jou gehoor het? Jy sê jy het dit nie gesê nie? -- Ja, ek sê so.

In jou getuienis wat jy hier in die hof gegee het, het jy gemeld dat Rina Mokoena sou gesê het dat die mense van Evaton moet verenig en saamstem. Is dit reg? -- Ek kan nie onthou of ek dit gesê het of nie.

Het sy so iets gesê? -- Ja, sy het.

Hoe het sy gesê hoekom moet die mense saamstem en verenig? -- Om hulle self in staat te stel om die probleme wat hulle ondervind in die lokasies te kan oplos.

Hoe het sy gesê gaan hulle hulle probleme verenig as hulle saamstaan? -- Ek kan nie onthou of sy verduidelik het hoe hulle dit sal kan oplos nie.

Hoe het sy gesê teen wie moet hulle verenig? Wie is die vyand of die "enemy"? -- Al wat sy gesê het is dat hulle moet verenig om in staat te wees om die probleme wat hulle affekteer te kan oplos. Sy het nie gesê wie die vyand is nie.

Het sy aan die gehoor voorbeelde gegee van verenigde aksie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Het sy nie verwys na die opmars van die vroue van - daar in die sestigerjare na Pretoria toe nie? -- Wat het hulle bereik deur soontoe te gaan?

Antwoord my vraag, asseblief? -- Ja, kyk, die antwoord gaan eintlik oor u vraag. U vraag was het sy nie 'n voorbeeld gemaak toe die mense se aksie wat verenig het nie en u praat nou van die vroumense wat in die sestigerjare Pretoria toe gegaan het. Ek sê ja, nou onthou ek, maar ek onthou dit

later/...

later omdat daar niks bereik was nie, tensy u vir my sê sy het gesê daarmee het hulle dit bereik. Dan sou ek dit miskien makliker onthou het.

Ek was mos nie op daardie vergadering nie. Vertel jy vir my hoekom het sy hierdie voorbeeld gebruik? Jy was mos daar? -- Die voorbeeld was ŉ goeie voorbeeld gewees dat as die mense nou verenig het, dan kan hulle ŉ stap neem as verenigde mense soos die vroumense wat in die sestigerjare Pretoria toe gegaan het.

ŉ Verenigde aksie. Is dit reg? -- Ja. Sy het toe verder gesê indien hulle nou verenig is, sal hulle dan in staat wees om die probleme wat hulle in die lokasies ondervind op te los.

Is dit nie so dat sy gesê het dat hulle ŉ verenigde aksie kan neem deur die raadslede nie? -- Nee.

Want die sestigerjare se optrede was verenigde aksie teen die Regering gewees?

<u>MR BIZOS</u> : With respect, what is put, first of all the year is wrong, it was '56 and not in the sixties. I do not want to suggest to the witness what it was against.

<u>HOF</u> : Weet u waarteen dit was, anders moet u vir mnr. Bizos vra om dit in u oor te fluister.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ja, ek weet nie, maar ek sal my vraag anders stel.

<u>MR BIZOS</u> : It is on record in fact, it was an anti-pass campaign.

<u>MNR. JACOBS</u> : En teen die regering.

<u>MR BIZOS</u> : Against passes and they were not charged with treason.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek dink dit is nie so belangrik nie. Ek

sal/...

sal my vraag op 'n ander aspek stel. Ek wil dit aan jou stel dat op hierdie vergadering het sy spesifiek hierdie voorbeeld genoem vir julle as 'n voorbeeld van verenigde aksie deur die vroue en dat dit as voorbeeld moet geld van verenigde aksie teen die vyand op hierdie stadium, die raadslede? -- Ek ontken dat sy dit so gesê het.

Het sy nie die raadslede en veral in hierdie geval van haar die Lekoa Raad blameer vir die verhoogde hure teen wie opgetree moet word nie? -- Ja, sy het dit gesê.

Het sy gesê dat die Lekoa Raad is die oorsaak van hulle probleme met "rent"? -- Ja.

En daarom 'n beroep gedoen vir verenigde aksie teen raadslede van Lekoa oor die verhoogde "rent"? -- Dit ontken ek. Sy het nie sulke woorde gebesig nie.

Het sy nie ook gesê dat hierdie raadslede nie die belange van die gemeenskap behartig nie, maar dat hulle die regering se "puppets" is nie? -- Nee, sy het dit nie gesê nie.

Het sy nie aangedring dat die raadslede moet bedank nie? -- Nee.

Nooit nie? -- Nee, sy het nie.

Wat sal jy sê was die tema van haar toespraak? -- By watter vergadering?

Ons praat mos nou net oor een vergadering. Ons is nog altyd by daardie ERPA vergadering? -- Ja, ek wou eers duidelik gewees het voor ek daarop antwoord. Mev. Mokoena se toespraak was 'n aanduiding gewees dat sy Evaton se mense ondersteun en verder het sy gepraat oor die vroumense, om die vroumense te maak dat hulle voel om aan te sluit by die vroue-organisasie VOW. Dit het sy gesê om hulle aan te moedig en toe

verder/...

verder gesê dat die inwoners van Sebokeng lokasies kry dit moeilik oor die huur wat hulle moet betaal.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, dit was deur die verdediging gestel aan Rina Mokoena self dat dit julle getuienis sal wees - ek weet nie wie s'n nie - dat Rina Mokoena wel die raadslede geblameer het dat hulle nie hulle taak behoorlik gedoen het nie? -- Mev. Mokoena het iets te sê gehad teen die verhoging van die huur.

Wat het sy gesê oor die verhoging van die huur? -- Dat ŉ mens dit nou kan beskryf as die blamering van die raadslede. Ek weet regtig nie watter woorde ŉ mens na sal moet verwys om te sê sy het hierdie woorde gebruik om die raadslede te blameer nie.

Wat het sy gesê teen die raadslede? -- My getuienis is dat sy teen die verhoging van huur gepraat het en gesê het dat sedert hulle intrek in Sebokeng, die raad die huurgelde daar verhoog het bo die bereiking van die inwoners om in staat te wees om huur te betaal.

Kan jy vir my sê op daardie vergadering van ERPA daardie een wat ons nog mee besig is, het enigeen van die sprekers daar, ek wil vir jou vra, enige van die sprekers, die raadslede geblameer en gesê hulle doen nie hulle werk behoorlik nie? -- Ja, dit was mnr. Khubega.

Wat het hy daaromtrent gesê? -- Wat Khubega gesê het is dat die persone wat in die raad dien het daar aangesluit met die belofte dat hulle gaan beskerm dat die inwoners nie hulle regte van eiendomme moet verloor nie en dit het hulle nie op die regte manier gedoen nie. Hulle het nie daarin geslaag om dit te doen nie.

Na watter raad het hy verwys wat nie hulle pligte

uitgevoer/...

uitgevoer het nie? -- Evaton.

Het enigiemand op daardie vergadering gevra of voorgestel en by die mense aangedring dat die raadslede moet bedank of enige raadslede? Ons het eintlik twee rade wat nou hier betrokke is? -- Ek kan nie van ŉ spreker onthou wat ŉ toespraak daar gelewer het wat die woorde gebesig het tot die effek dat die raadslede op die raad as geheel moet bedank nie. Wat ek wel kan onthou is dat mense van die gehoor geskreeu het en gesê het dat die mense moet bedank.

Maar geen van die sprekers het dit gesê nie en as so ŉ spreker dit gesê het sal jy dit onthou? -- Geen spreker het in die toespraak ŉ beroep gemaak dat die raadslede moet bedank nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K653 GCINUMUZI PETRUS MALINDI, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Malindi, ek wil vir jou ŉ paar vrae vra oor die vergadering van 27 November 1983. Was dit ŉ vergadering wat ook deur VCA belê en georganiseer was? -- Ja, dit is so.

Was dit gedoen saam met UDF? -- Nee, ek weet nie.

Jy het vir die Hof vertel dat jy het daar aangekom en jy het nie in die saal ingegaan nie. Is dit reg? -- Ja.

Hoe laat het jy daar aangekom by die vergadering? -- Dit was na 14h00 gewees. Ek skat dit ongeveer na 14h30, maar voor 15h00.

Was Esau toe nog al die tyd buite die vergadering gewees? Esau Raditsela? -- Ek weet nie.

Het jy hom nie daar gesien nie? -- Ek het hom daar buite teëgekom.

So/...

So, hy was nog buite dan gewees? -- Ek weet nie hoe lank hy daar buite was met my aankoms nie, maar toe ek hom daar sien was hy daar buite waar ek hom raakgeloop het.

So, jy het hom buite raakgeloop? -- Ja, hy het in die rigting van die uitgangshek beweeg.

HOF : U bedoel hy was op pad uit? -- Hy was van die gebou se rigting af in die rigting van die uitgangshek. Ek weet nie of hy die perseel sou verlaat het nie.

Waar was dit? By die Rooms Katolieke Kerk? -- Ja, in Gebied 12.

MNR. JACOBS : Wat het Esau daar buitekant gedoen? -- Ek het nie opgelet wat hy vroeër daar gedoen het nie. Die eerste keer wat ek hom gewaar het, was toe hy in die rigting van die uitgangshek beweeg het.

Wat doen hy toe? Het hy net beweeg en daar hou dit op? -- Ek en hy het daar gestaan en praat.

Het hy jou geroep of het jy na hom toe gegaan? -- Ons het mekaar daar raakgeloop. Ek weet nie of die een vir die ander een geroep het nie, maar ons het mekaar daar raakgeloop.

Was daar ander persone daar buitekant? -- Ja, daar was.

Wat het hulle daar gedoen? -- Hulle het daar in klompies gestaan.

En wat gedoen? -- Net daar gestaan. Van hulle het gestaan en gesels. Wat die ander gedoen het sal ek sê ek weet nie.

Saam met wie het jy daar aangekom by die vergadering? -- Ek het alleen daar aangekom.

Jy en Esau praat toe. Wat gebeur toe? -- Hy het my versoek om toe te sien tot die orde hier buite. Ons het toe ooreengekom dat ons daar plakkate gaan hou.

HOF/...

HOF : Is dit op ŉ stadium toe die vergadering al aan die gang was? -- Ja, die vergadering was aan.

MNR. JACOBS : Jy moes toe beheer voer daar oor groepe. Is dit reg? -- Ek moes die orde gehou het volgens hom in hierdie sin dat ek die mense moet sê om die kerkgebou binne te gaan waar die vergadering gehou was, dié wat belang gestel het om binne te kom, want dié wat nie belang gestel het nie, sou ek moes versoek om voort te gaan, dit wil sê verby te gaan.

HOF : By die kerk verby te loop? -- Ja, met die straat verby stap. Hulle moenie daar in die straat voor die kerk gaan saamdrom nie.

MNR. JACOBS : Jy sien, hoekom ek vir jou vra, jy het in jou getuienis-in-hoof gesê "Esau asked me to supervise the groups outside." Nou wil ek graag weet watter groepe is dit wat jy moes ge"supervise" het? -- Ja, in die sin dat ek beheer moet uitoefen, òf hulle moet die vergadering, òf as hulle nie wil binnegaan nie, moet hulle verbygaan. Dit is wat ek bedoel het. Ek weet nie of daar enige verskil is nie.

Hierdie mense wat daar gestaan het en gepraat het in groepies waarvan jy netnou gepraat het, het jy hulle toe weggejaag of die kerk in? -- Die meerderheid van die mense wat op die perseel van die kerk was, sover ek kan onthou, het die vergadering bygewoon. Ek kan nie onthou of daar van hulle was wat weggeloop het nie.

So, hulle het ingegaan. Toe was daar nou niemand buitekant nie, net jy? -- Nee, nie net ek alleen het daar agtergebly nie. Daar het mense daar opgedaag, dus was ek nie alleen daar buite nie. Daar was van die mense ook wat die vergadering verlaat het om te kom rook hier buite.

Dan/...

Dan sê ek vir hulle hulle moenie lank wees nie.

Was daar enige plakkaatdraers? -- Ek het nog nie klaar geantwoord op die vorige vraag nie.

Ekskuus. -- Daar was mense wat my ook behulpsaam was. Waarmee? -- Deur die mense daar in te lig waaroor die vergadering is en dat hulle moet ingaan. Dié wat nie voel om in te gaan nie, moet maar verbygaan en die hou van die plakkate.

Hoe het jy die mense ingelig waaroor gaan die vergadering? -- Ek het aan hulle verduidelik dit is die "anti-election rally" wat georganiseer was deur die Vaal Civic Association.

Het jy vir hulle verduidelik wat bedoel jy met 'n"anti-election rally"? -- Ek onthou nie of ek ooit aan ander mense verduidelik het wat dit is nie.

Het julle daar gestaan met plakkate? -- Ja, deur die "posters" by ons te hou wat gebruik was om die vergadering aan te kondig. Ek sal dit plakkate noem, want van dit was op kartondose vasgeplak.

Het jy self ook 'n plakkaat gehou? -- Ja, dit is so.

Hoeveel was julle wat daar plakkate gehou het? -- Tussen sewe en tien.

Kan jy vir ons sê wie dit was wat saam met jou daar was? -- Master Masango was een van hulle en dan Mishack. Ek weet nie wat is sy van nie.

Is dit nie Mishack Tsikantso nie? -- Ek onthou nie.

Is sy ander naam Mpule? -- Nee, ek ken hom nie by daardie naam nie.

Gaan aan? -- Moketsi Blunders.

Is sy regte naam nie Moketsi George Blantile nie? --

Dit/...

Dit mag wees dat hy hierdie persoon is, maar ek ken hom by die naam van Moketsi.

En nog? -- Ek kan nie die res onthou nie.

Was jou broer nie een van hulle nie? -- Ja, hy was een van hulle.

Amos Malindi? -- Ja, dit is so.

Dit was beskuldigde nr. 12 gewees? -- Ja.

En jyself ook? -- Ja, dit is so.

Kan jy nog onthou? -- Nee.

Masango, is dit Enoch Master Masango? Is dit sy naam? -- Ja, dit is so.

Kan jy onthou of Letsonang Keiso Reuben Lealemetsi daar was? -- Dit is so.

HOF : Is dit die persoon wat al tevore hier genoem is as Keiso? -- Ja, dit is hy.

En hy is Lealemetsi? -- Hy is Dealemetsi.

MNR. JACOBS : En Ettie Phillip Letsaba? -- Ek onthou Phillip maar ek kan nie sy van onthou nie.

Was hy saam gewees? -- Ja, dit is so.

Hy is ook bekend as Ettie? -- Nee, hy is aan my bekend net as Phillip.

En Giyimane Ndondo Ramonyadoa? -- Ek onthou dat daar ŉ persoon was met die naam van Giyimane. Die res van die name wat u genoem het, weet ek nie van nie.

Vertel vir ons wat se plakkate het julle daar gehad wat julle gehou het? Beskryf hulle ŉ bietjie nader? -- Die plakkate het die dag se vergadering geadverteer.

Was dit gedrukte plakkate of geskrewe plakkate? -- Gedrukte plakkate.

Het die plakkate gemeld enige organisasies? -- Ja, dit

het/...

het melding gemaak dat VCA verantwoordelik was vir die byeenkoms van hierdie vergadering.

Was daarso geskrewe plakkate? -- Ek onthou dit nie.

En was daarso van die plakkate wat gedruk was met UDF se embleem daarop? -- Ek onthou nie of die plakkate die embleem opgehad het nie.

Hoekom onthou jy dit nou nie? -- Omdat ek nie onthou nie.

Was daar enige baniere gewees? -- Ja, later was daar ŉ banier gewees.

Wat se banier was dit? Vertel vir ons? -- VCA banier met ŉ UDF logo.

Is dit net ŉ VCA banier met ŉ UDF logo of was daar ook ŉ ander organisasie daarop gemeld? -- Op die banier was geskryf die VCA en die UDF logo alleen.

Was daar op die banier enigiets van ŉ Youth Organisation of Youth Congress? -- Nee.

Wat het op hierdie banier nog gestaan behalwe dat daar VCA en die logo van UDF was? -- Dit was in Sotho geskryf "Hare vote".

Wat beteken dit? -- "We do not vote".

Was dit nou bo-aan die banier gewees? -- As ek nog reg onthou was dit heel onder geskryf gewees, maar ek sê dit nie met sekerheid nie.

Waar het die plakkate vandaan gekom? -- Van hulle het Esau uit sy voertuig uitgehaal en van hulle is sommer van die muur afgepluk.

Wanneer het Esau dit nou uit sy voertuig gaan haal? -- Na ons ooreengekom het en ingestem het om die plakkate te hou, het hy dit uitgehaal.

Hoe/...

Hoe het julle ingestem om die plakkate te hou? Hoe het dit gekom? -- Ons het ooreengekom dat ons hierdie plakkate daar gaan hou sodat die mense, die gemeenskap kan sien waaroor die vergadering daar gaan en dat dit dan vir ons maklik is om te verduidelik oor die vergadering.

Maar teenoor wie het julle ingestem om dit te hou? Wie het julle versoek om dit te hou? -- Ons het daar met Esau ʼn gesprek uitgevoer. Ek kan net nie sê hoe dit begin het dat ons moet stem vir die hou van die plakkate of wie die voorstel gemaak het nie.

Het dit nie van Esau af gekom nie, want hy het mos nou plakkate? -- Ek onthou nie of dit van hom af gekom het nie.

En hy het toe die plakkate uit sy kar uit gaan haal? -- Van die plakkate wat ons gehad het, ja.

En die banier het jy gesê het later daar gekom. Waar het die banier vandaan gekom? -- Die persone wat die "rally" bygewoon het vanaf Bophelong het met die banier daar aangekom.

Watter persone is dit? -- Johnny Motete is een van hulle.

En die ander? -- En nog ʼn ander groot getal wat nie aan my bekend is nie.

Jy was mos gemoeid met die stigting van ʼn Youth Congress is dit nie? Noem dit dan die Youth Organisation of Congress, ek weet nie watter een dit is nie. -- Ek erken dat ek daarvoor gewerk het, dit wil sê die stigting van die jeugorganisasie.

Jy het vir ons vertel in jou getuienis hoe dat op verskillende gebiede daar groepe was wat moes voortgaan daarmee. -- Ja.

So, jy moes die Bophelong groep tog geken het, want jy werk dan saam met hulle? -- Ek ken Bophelong se mense saam met wie ek gedien het by die Vaal aksiekomitee.

Maar/...

Maar ek praat nou van die jeuggroepe. Jy het mos met die mense saamgewerk en vergaderings gehou waar jy voorgesit het?

MR BIZOS : What is the prosecutor purporting to the witness in the evidence that he has given or anyone else has given? What youth meetings is he referring to as at November 1983?

MNR. JACOBS : Sedert Juniemaand tot hierdie vergadering gehou is in November 1983. Kan ek dit so stel, het julle vergaderings gehou sedert ek dink 16 Junie tot November 1983? Het julle vergaderings gehou met die oog op die stigting van 'n jeugorganisasie? -- Ja, van Junie tot Julie het ons vergaderings gehou.

En op die vergaderings het jy opgetree as 'n voorsitter? -- In die meeste van hierdie vergaderings was ek maar die voorsitter gewees, ja.

En die doel van hierdie vergaderings was gewees om 'n jeugorganisasie te stig? -- Ja, dit is so.

Watter jeugorganisasie en wat het julle beoog sal sy naam wees? Wat sou die organisasie wees? -- Daar was voorstelle gewees van Vaal Youth Congress van party. Die ander het gesê dit moet genoem word Vaal Youth Organisation. Daar was wel voorstelle van verskillende name wat ek nou nie meer kan onthou hoe hulle dit voorgestel het nie.

Het julle 'n aksiekomitee gehad vir die stigting van hierdie organisasie? -- Daar was verskillende groepe gewees by verskillende plekke wat ons genoem het "working groups".

Het julle een oorkoepelende "working group" gehad ... -- Daar was nie een wat bekend gestaan het as 'n aksiekomitee nie.

En die ander groepe, die "working" komitees van die

ander/...

ander plekke ... (Hof kom tussenbei)

HOF : "Working groups."

MNR. JACOBS : "Working groups", het jy hulle geken? -- Ja, dit is so.

En Bophelong s'n, het jy hulle geken? -- Nee, ek het hulle nie geken nie.

Nou verstaan ek nie. Jy sê eers jy het die "working groups" van die ander plekke geken en nou sê jy Bophelong s'n het jy nie geken nie? -- As daar een was in Bophelong weet ek nie daarvan nie.

Die mense wat daar gekom het met hierdie banier, het daar op daardie banier gestaan dat daardie banier een is van 'n "youth" groep, Bophelong se "Youth" groep of "Youth Congress"? -- Nee.

Ek sal nou weer terugkom hiernatoe. Ek wil net 'n ander aspek noem. Die banier, is dit die soort wat twee stokke gehad het aan die kant waar jy hom gedra het? -- Ja, dit is so.

En die mense wat hierdie - het hulle hom so oop gedra en daar gaan stelling inneem daar by julle met die plakkate? -- Ja, hulle het dit saamgebring en tot by ons daar kom staan.

Jy het vir die Hof in jou getuienis-in-hoof vertel daar was polisie wat foto's geneem het. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

En later is jy en andere gearresteer daar? -- Ja, dit is so.

Die mense van wie ek netnou die name hier uitgelees het, is dit die mense wat saam met jou en jou broer gearresteer was? -- Ja, dit is so.

Ek/...

Ek wil aan jou ŉ reeks foto's toon wat ek aan jou wil stel wat by daardie geleentheid geneem is. Kyk daarna dan sê jy vir my. Die eerste een is ŉ foto met ŉ klomp mense. Dit sal begin by BEWYSSTUK CA8. Dit gaan ŉ reeks wees van nege foto's. Om hom uit te ken, die eerste foto CA8(A) op die foto self is daar gemerk ŉ A met ŉ kringetjie om. Stem jy saam dit is ŉ foto wat by daardie tyd geneem is? -- Ja, ek identifiseer die gebou hier op die foto as die Roomse Katolieke Kerk in Zone 12.

Onder daar staan ŉ naam, is dit reg, regoor ŉ nommer? -- Ja, ek sien dit.

Wat is die naam? -- Moketsi George Blantile.

Dit is een van die persone wat saam met jou daar gestaan het. Is dit reg? -- Ja, hierdie is die naam van een van die persone wat saam met my daar gestaan het.

En die nommer wat daarso regoor sy naam staan stem ooreen met die foto bo? Waar daar ŉ nommer oor die liggaam van ŉ persoon geskryf is, is dit daardie persoon? -- Nee, die persoon is nie duidelik nie.

Kan u kyk na die foto wat ek inhandig as CA8(B). Ek kan miskien net jou aandag daarop vestig, nr. 2 verwys na Moketsi George Blantile en nr. 6 verwys na jouself? -- Ja, ek is die persoon gemerk nr. 6.

En nr. 3?

HOF : Net ŉ oomblik, laat ons net duidelikheid kry. Op CA8(A) is nr. 6 iemand anders as wat gemerk is nr. 6 op daardie foto. Die nommers is elke keer ŉ ander persoon.

MNR. JACOBS : Blykbaar is dit so. Die tweede persoon daarso, jy het nou jouself geïdentifiseer as nr. 6? -- Die persoon staan met sy rug na my toe. Ek kan hom nie

identifiseer/...

identifiseer nie.

Hou jy 'n plakkaat daar vas? -- Ja, dit is so.

Wat se plakkaat is dit? Gedruk of geskrewe? -- Hierdie een lyk of dit met die hand geskryf is.

Ek wil aan jou toon BEWYSSTUK CA8(C). Op hierdie foto is daar persone wat met plakkate staan. By nr. 6 is dit weer jou naam en dan nr. 3 word hierop geïdentifiseer as Moketsi George Blantile. Kyk net daar en sê vir die Hof, identifiseer jy dit? -- Ek is die persoon gemerk nr. 6. Nr. 3 is nie vir my duidelik genoeg om hom te identifiseer as Moketsi nie.

HOF : U sê u kan nr. 3 nie identifiseer nie? -- Ja, dit is reg.

MNR. JACOBS : Dan wil ek aan jou toon BEWYSSTUK CA8(D). Dit is 'n foto wat by die kerk geneem is en toon dan die banier wat daarso is en dan 'n groep persone wat ook op die foto verskyn. Hier word nie identifikasies gedoen van enige persone nie. -- Ja, ek sien dit.

HOF : Is dit reg wat die advokaat stel dat dit 'n foto is wat by die kerk geneem is en dat dit die banier toon en 'n groep persone?-- Ja, dit is by die Roomse Kerk daar.

MNR. JACOBS : Ek wil vir jou 'n verdere foto toon, BEWYSSTUK CA8(E). Dit is dieselfde banier wat hier gehou word en 'n groep persone en 'n nr. 13 wat 'n plakkaat hou wat bo-op staan UDF, hy word geïdentifiseer as Mpule Mishack Tsikantso. -- Nee, ek is nie in staat om die persoon te identifiseer nie.

HOF : Is dit 'n foto wat by die kerk geneem is of waar is dit geneem? -- Ja, dit is 'n foto met die toneel van die kerk.

MNR. JACOBS : Die twee persone wat die banier dra, kan

jy/...

jy hulle identifiseer? -- Ek ken hulle nie.

Die volgende is foto CA8(F).

HOF : Is u op hierdie foto CA8(E), die een wat u nou net gehad het? -- Nee, ek is nie.

CA8(F)?

MNR. JACOBS : CA8(F) is 'n foto waar hierdie banier teen die muur by die omheining neergesit is, teen die omheining leun en dat 'n reeks van mense geïdentifiseer word. Nr. 4 word geïdentifiseer as Mpule Mishack Tsikantso. Nr. 5 as Reuben Dealemetsi. Nr. 6 as Moketsi George Blantile en nr. 9 as Master Masango. Wat nog meer is, nr. 2 op die foto hou 'n UDF plakkaat, 'n gedrukte plakkaat wat bo-op staan UDF met die UDF wapen. Stem jy saam? Identifiseer jy dit? -- Die foto hier het die toneel van die Roman Catholic Church Zone 12. Nr. 4 op die foto is Mishack, nr. 5 is Reuben Keiso Dealemetsi. Nr. 6 is nie duidelik nie. Ek sien nie die persoon goed nie. Nr. 9 staan met sy rug na my kant toe. Dus kan ek hom nie identifiseer nie.

Stem jy saam ook met daardie plakkaat van UDF, die gedrukte plakkaat?

HOF : Hoe moet hy saamstem met die plakkaat? Bedoel u was daar 'n plakkaat?

MNR. JACOBS : Dat daar 'n UDF plakkaat so gehou was daar.

HOF : Wel, is die foto 'n weergawe van wat daar gebeur het? Is dit wat u bedoel?

MNR. JACOBS : En die plakkaat, ook 'n UDF plakkaat wat gehou is.

HOF : Wat sê u? -- Ek kan nie UDF se plakkaat onthou nie.

MNR. JACOBS : Maar hy verskyn op die foto? -- Ek betwis dit nie.

Dan/...

Dan BEWYSSTUK CA8(G). Dit is 'n foto ook by dieselfde kerk waar aan die linkerkant nog steeds 'n deel van daardie banier uitkom waar hy staan teen die heining. Dan staan daar 'n groep persone en dan word die volgende geïdentifiseer. Dit is nr. 3 Giyimane Ndondo Ramonyadoa. Nr. 8 Master Masango. Nr. 9 jyself, Gcina Malindi en waar jy self weer die plakkaat hou? -- Ek kan ne nr. 3 hier op die foto identifiseer nie. Nr. 8 kan ek identifiseer as Master Masango. Ek is die persoon nr. 9. Die toneel van die foto is by die Roomse Katolieke Kerk in Gebied 12.

Hierdie foto is redelik duidelik op die ander persone. Wie van die ander mense identifiseer jy daar? Verwys na die nommer, asseblief. -- Nr. 6 Johnny Motete. Hy is die enigste persoon wat ek in staat is om te identifiseer.

Dan BEWYSSTUK CA8(H). Dit is weer 'n foto van daar by die kerk geneem met die banier teen die heining en die volgende persone word hierso genoem. Nr. 4 is Moketsi George Blantile. Nr. 6 Giyimane Ndondo Ramonyadoa. Nr. 7 is Reuben Dealemetsi. Nr. 8 is Master Masango en behalwe vir die logo van UDF wat voorkom op die banier, staan nrs. 2 en 3 blykbaar ook hier met UDF plakkate. -- Dit is die foto wat by die Roomse Katolieke Kerk Gebied 12 geneem is. Nr. 7 identifiseer ek as Reuben Keiso Dealemetsi en nr. 8 herken ek as Master Masango.

K654 En die ander persone daar, herken jy enige van hulle daar? -- Nee.

Jy stem saam al hierdie foto's is by daardie selfde geleentheid geneem waar jy die dag opgetree het daar buitekant? -- Ja, dit is so.

Ek wil hê jy moet na hierdie banier kyk. Ek wil dit aan

jou/...

jou stel dit is die banier wat daar was. Jy kan dit maar vergelyk met die foto's en daarna kyk.

HOF : Hoe groot is hy? 2 meter wyd by 750cm hoog.

MNR. JACOBS : Ek sal dit so skat.

HOF : Dan staan daar aan die linkerkant VCA onder mekaar. Dan is daar net regs daarvan in ŉ sirkel die bekende UDF logo groot. Heel bo staan "Hare vote!!" Daar onder "Unite against Botha's plans". Daar onder groter geskryf "VCA Peoples' Rally." Daar onder "Sun. Nov. 27 1 pm." Dan daar onder "Bophelong Youth Congress" in rooi letters en dan "We do not vote." Wat ek hier beskryf het, die agtergrond van die UDF logo is in rooi. "VCA Peoples' Rally" is in rooi en "Bophelong Youth Congress" is in rooi. Die res is alles in swart. Heel aan die regterkant is daar die letters "BOYCO" onder mekaar aangebring.

MR BIZOS : Could I place on record that the letters "Bophelong Youth Congress" are apparently written on rectangular pieces of cardboard which have been stuck on the banner.

HOF : Dit wil voorkom, kyk ŉ bietjie na die gedeelte onder VCA, is dit nie ook papier nie? Dan "Sun. Nov. 27" is dit nie ook papier nie?

MNR. JACOBS : Ja, dit is alles papier.

HOF : Wat nie oorspronklik is op die doek nie, is die VCA wat aangebring is blykbaar op ŉ stuk papier wat geplak is op die doek en "Nov. 27" en dan daar onder ook "Bophelong Youth Congress."

MR BIZOS : Also that the words "Bophelong Youth Congress" are approximately - well, they are the smallest letters on the banner.

MNR. JACOBS : Stem jy saam dit is die banier wat daar

gewees/...

gewees het daardie dag en wat op hierdie foto's ook verskyn? -- Ja, dit is soortgelyk aan daardie een.

HOF : Hoe bedoel u soortgelyk? Is dit presies dieselfde in alle opsigte of is dit 'n ander banier? -- Die banier bevat sekere dinge wat daarop staan wat ek nie onthou dat ek dit daardie dag gelees het op die banier waarvan ek praat nie.

MNR. JACOBS : As u kyk na die foto sal u saamstem dat daardie foto stem ooreen met hierdie banier soos hy hier is? -- Nie met sekerheid nie. Dit kan ek nie sê nie.

HOF : Kyk 'n bietjie na die foto CA8(F), dan vergelyk jy die banier daarop met die banier wat nou voor die hof is. Gaan die banier in as 'n bewysstuk?

MNR. JACOBS : Ek wonder, as hy dit identifiseer en die Hof dit beskryf het of ons dit maar daar sal laat, want ek weet nie hoe gaan die Hof hom hanteer nie.

HOF : Is dit moontlik om 'n foto van hom te neem wat duidelik is waaruit alles blyk?

MNR. JACOBS : Ek kan vra dat dit gedoen word.

HOF : Dan kan ons die foto eenvoudig hou en die banier kan u dan hou of dit kan ingaan afhangend van hoe die verdediging daaroor voel.

MNR. JACOBS : Dit is wat ek gedink het, want hy is so onhanteerbaar. Ek weet nie wat mnr. Bizos se gevoel daaromtrent is nie, anders kan hy ingaan. Daar is nie rede waarom ons dit nie kan ingee nie. Ek het net gedink aan die gerief.

MR BIZOS : We submit that Your Lordship's suggestion of a coloured photograph will meet the case.

HOF : Probeer om 'n behoorlike kleurfoto te neem. Hou intussen die ding beskikbaar as bewysstuk. Ons sal hom 'n

bewysstuknommer gee. Dan vervang ons die foto met daardie nommer.

MNR. JACOBS : Dit sal CA9 wees.

HOF : Wat sê u nou dat u die foto bestudeer het en na die banier kyk? -- Ek sê dit is identies.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat hierdie plakkaat wat ek nou het, dit is ŉ plakkaat wat bo-op staan "UDF unites Apartheid divides". Dan die vlag wat ŉ persoon wat daar loop hou waarop staan "UDF". Onder staan "United Democratic Front" en dan "Hare vote" wat jy netnou gesê het staan daarop en "Issued by UDF, P.O. Box 25063, Ferreirastown 2048." Dit is een van die plakkate wat gehou was daar die dag by daardie kerk.

HOF : Gaan hy in as ŉ bewysstuk ?

MNR. JACOBS : Miskien kan ons ook ŉ foto van hom kry.

HOF : Kom ons maak hom CA10.

MNR. JACOBS : Stem jy saam? -- Dit lyk na die plakkate wat ek op die foto's gesien het.

Ek stel dit eintlik direk aan jou dit is een van daardie plakkate waarop beslag gelê is daardie dag? -- Ek weet nie daarvan dat daar beslag op gelê is nie, maar wat ek sê is, dit lyk na hierdie wat ek op die foto gesien het.

Toe julle gearresteer is, was daar nie beslag gelê op die goed terselfdertyd nie? -- Ons is in Februarie 1984 gearresteer.

Ek wil net vir jou die derde plakkaat of die volgende plakkaat wys. Dit is een van die handgeskrewe plakkate waarvan jy een vashou. "We support" dit staan bo-op in swart op ŉ wit agtergrond geskryf met ŉ swart pen of iets. "We support Vaal Civic Association and UDF. Don't vote."

Oor/...

Oor die UDF is daar ook ŉ geel plakkertjie geplak wat gedruk is en daarop staan in rooi letters "Don't vote for community councils. Support VCA" en moet ek sê, blykbaar is die V - was nie aanvanklik gedruk nie. Dit is uitgekrap en toe is ŉ V ingeskryf. Hierdie plakkertjie sê "Issued by UDF Khotso House, De Villiers Street, Johannesburg, P.O. Box 25063 Ferreirastown Printed by Shams Printers Benoni." -- Ja, nou onthou ek dat daar plakkate was wat handgeskrewe was soos hierdie een.

En dan daardie V-tjie ook verander is op die plakker wat op hom is?

HOF : Is die V verander of is iets verander en die V ingevoeg?

MNR. JACOBS : Ja, iets is verander na ŉ V toe. Wil jy weer kyk? -- Toe ek die plakkertjie gesien het daardie dag van Novembermaand het ek nie opgelet of daar enige verandering aangebring was op die plakkertjie nie.

En ek stel dit aan jou hierdie is een van die plakkate wat daar gehou was en moontlik nog die een wat jy gehou het? -- Ek sê dat ek onthou dat daar wel handgeskrewe plakkate was soortgelyk aan hierdie een.

Ek sal dit CA11 merk. Ons kan ŉ foto ook daarvan neem. Ek weet nie of dit duidelik sal uitkom nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Voordat ons van die plakkate afstap, hier op CA8(C) word ŉ plakkaat vasgehou deur ŉ man wat gemerk is 4. Sal u daarna kyk, asseblief? -- Ja, ek sien die persoon.

Ek wil vir u vra of u die woorde daar kan uitmaak? -- Nee, dit is vir my onleesbaar.

Ek kan dit lees, maar toemaar.

MR BIZOS : It requires strong spectacles.

COURT : I will get myself some strong spectacles.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 29 APRIL 1987.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-7-208**
*Document Title:-* **Vol 208 p 10895-10964. Witness: GP Malindi**